

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 3, No. 3

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Waar is die Waarheid?

Ek is as 'n jong man deur God gelei na 'n plek waar die volle Waarheid verkondig is. Op hierdie plek het elkeen van ons 'n stille gewaarwording ondervind dat ons werklik God se weg vir die mensdom verstaan. Ons het besef dat ons nie volmaak is nie – dat ons menslik gesproke nie beter as andere is nie – maar dat God ons verstand geopen het om te verstaan en gehoorsaam te wees aan wat die Bybel regtig sê. Dit het tot ons begin deurdring dat ons moet terugkeer tot die volle Waarheid en die boodskap wat Jesus Christus en die oorspronklike Apostels oorgedra en uitgeleef het. Vir ons was dit 'n *lewenswyse*.

Wanneer nuwelinge hulle by ons aangesluit het, het ons ons ervarings met mekaar gedeel oor hoe ons tot die Waarheid gekom het. In daardie dae was die hoof besprekingspunt van ons klein ou organisasietjie die ervaring en uitleef van die Waarheid, soos wat die Bybel dit skets.

Die moderne gemeenskap verwerp egter die idee van die absolute Waarheid. Hierdie benadering van Goddelike verwerping is egter niks nuuts nie. Dit was mos die standaard benadering met die onpartydige redenasie wat Pontius Pilatus 2,000 jaar gelede as voorbeeld gestel het. In antwoord op Pilatus se vraag oor Sy koninkryk, sê Jesus: “U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die

waarheid is, luister na my stem. Pilatus sê vir Hom: Wat is waarheid? En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en sê vir hulle: Ek vind geen skuld in Hom nie” (Joh. 18:37-38). Alhoewel miljoene belydende Christene sê dat hulle geloof Bybels is, verafsku hulle met mag en mening enige duidelike bewese Waarheid wat die standpunte van hulle kerk, gesin of gemeenskap weerspreek. Sonder om dit miskien eers te besef, boots hulle Stephen Decatur na oor menslike patriotisme: “Ons land, reg of verkeerd!”

Maak die benadering tot die waarheid met arrogante woorde soos “my kerk, reg of verkeerd” enige sin in ons verhouding met 'n werklike Geestelike Persoonlikheid wat die Almagtige God is – en u ewige lewe op die spel is? Probeer ons die alomteenwoordige Skepper dwing om te verklaar dat die verskillende idees en alle gelowe “gelyk” is – selfs al weerspreek hulle Sy geïnspireerde Woord totaal?

Die sleutelvraag is of u en ek opreg glo dat die boek wat ons Die Bybel noem, letterlik deur die ware God geïnspireer is – die Meester en Gewer van lewe. Indien u hierdie basiese stelling in opregtheid aanvaar, ja, dan is daar 'n doelgerigte geestelike Waarheid! Daardie kragtige Waarheid is in die hoofstukke van die Bybel opgeteken. U sal vind dat die Bybel homself ook nie weerspreek nie, terwyl elke uitdaging daartoe sonder groot omhaal

weerlê kan word. Wat betref die sogenaamde weersprekings in die Bybel, behoort die onomwonde mededeling van Jesus Christus vir die meeste belydende Christene voldoende te wees, want Jesus sê dat: "Die Skrif nie gebreek kan word nie" (Joh. 10:35).

Dit, is die **beginsel** wat die redakteurs en skrywers van die Wêreld van Môre tydskrif toepas. Dit is die uitgangspunt van ons denke en benadering tot enige onderwerp. Die Bybel beskik werklik oor **gesag**. God "sê in die Bybel wat Hy bedoel en bedoel wat Hy sê". Daar is geen tierlantyntjies of woordspeling om die onomwonde Bybelse leerstellings of voorbeelde te omseil nie!

Met ander woorde, ons hier by die Wêreld van Môre tydskrif glo Paulus letterlik as hy sê: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:16-17).

Ons weet dat toe Jesus Christus gesê het "die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Matt. 4:4), die enigste bestaande geskrewe Woord van God daardie tyd die Ou Testament was. Net soos Christus met sy geïnspireerde onderwysing die beginsels van die Ou Testament beklemtoon en uitgebrei het, voel ons gebonde om hierdie onder-

Vervolg op bladsy 26

Inhoudsopgawe

Voorblad: Persoonlik

Waar is Die Waarheid?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

Hoofartikel.....3

Sal u agtergelaat word?

Die wegrapingsteorie versus 'n plek van veiligheid.

Verstaan die opstandings.....8

Weet u wat na die dood gebeur? Deur die tye het verskillende kulture en godsdienste met hul eie antwoorde vorendag gekom.

Die hoop van 'n Christen.....13

Berei voor vir die toekoms18

Ons het almal geloof nodig.....21

Profesieë Vervul: Die Ware Evangelie Herstel!.....24

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 7

Hatfield, Pretoria 0028

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die Wêreld van Môre-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die Wêreld van Môre-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Sal U Agtergelaat Word?

Deur Roderick C. Meredith

In een van die mees brutale godsdienismisleidings van moderne tye, probeer Tim LaHaye in sy *Die wat agtergelaat word*-novelle die “wegrapingsteorie” gewild maak. Ek sê “teorie”, omdat hierdie hutspot van misplaaste en wanaangewende teksverse steeds deur die oorgrote meerderheid van belydende Christene verwerp word. Belangriker nog, dit is geheel en al onbewysbaar – omdat dit in *regstreekse teenstelling* is met die Bybel se duidelike leringe oor Christus se Wederkoms.

Dan beeld hierdie lawwe teorie ook 'n God uit wat roekeloos die doellose dood van ongekende duisende mense meebring! Daar is selfs bufferplakkers wat verklaar: “In geval van wegraping, sal hierdie voertuig sonder bestuurder wees!” Dié *Die wat agtergelaat word*-novelle beskryf hoe Christene wat vliegtuigloodse of motorbestuurders is skielik deur God “weggeraap” word – wat lei tot die dood van onskuldige passasiers en omstanders oor die wêreld heen.

Watter soort God is dit?

In sy onlangse boek, *Revelation Unveiled*, poog Tim LaHaye om te bewys dat die Bybel die “wegraping” onderrig. LaHaye begin sy “bewyse” deur Openbaring 4:1-2 aan te haal, maar dan erken hy vinnig: “Die wegraping van die kerk word nie uitdruklik in Openbaring 4 geleer

nie” (bl. 100). *Amen!*

Kan ons in daardie Skrifdeel *enige aanduiding* van 'n “wegraping” vind? Nee! Lees dit self: “Ná hierdie dinge het ek gesien – kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon” (Openbaring 4:1-2).

Dit beskryf duidelik hoe die apostel Johannes “in die gees” weggevoer word – moontlik in 'n kragtige visioen – na God se eie troon in die derde hemel. LaHaye probeer op 'n manier redeneer dat die apostel Johannes die Kerk verteenwoordig – hoewel die Bybel nooit enigsins op enige sodanige verteenwoordiging sinspeel nie. Die Bybel stel egter altyd die Kerk as 'n *vrou* voor – die verloofde bruid van Christus (2 Korintiërs 11:1-2; Efesiërs 5:22-24).

LaHaye bied nog 'n argument vir die wegrapingsteorie aan: “Die afwesigheid van enige melding van die Kerk in die res van Openbaring dui daarop dat dit nie op die aarde is gedurende die Verdrukking nie. Daar is sestien verwysings na die Kerk in Openbaring 1-3, terwyl hoofstukke 6-18, wat oor die Verdrukking handel, nie een keer van die Kerk melding maak

nie (*Revelation Unveiled*, bl. 100). Dit is inderdaad 'n brutale uitspraak, want die *gans*e hoofstuk 12 praat van die Kerk – Openbaring 19:7-9 bespreek duidelik die Kerk se komende bruilof met Jesus Christus, soos ons later sal bespreek.

LaHaye kom gou by die *primêre* Bybelverse waarop alle voorstanders van die wegrapingsteorie staatmaak. Hy skryf: “Die apostel Paulus was die spesiale skrywer wat God gekies het om die **wonderlike besonderhede** van die wegraping te onthul, wanneer alle Christene, beide die dooies en die lewendes, na die hemel “opgeruk” of “weggeraap” sal word om saam met Christus te wees (1 Thessalonicense 4:16-17)” (bl. 101; beklemtoning deur ons).

Watter “wonderlike besonderhede” word in hierdie twee verse gegee wat die wegrapingsteorie moet bewys? Laat ons die hele samehang van hierdie skrifdeel **bestudeer**: “Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes

hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde" (1 Thessalonicense 4:13-18).

Wat het Paulus REGTIG gesê?

Die apostel Paulus vertrou hier die gemeente in Thessalonika oor hul medechristene wat onlangs "ontslaap" het – *gestorf het*. Hy sê dat God met Hom (Christus) diegene sal bring wat "in Jesus ontslaap het". Dan sê hy: "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die **stem** van 'n aartsengel en met geklank van die **basuin** van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan" (vers 16). Openbaring 8 en 9 beskryf duidelik die "**basuinplae**" van God en die ontsagwekkende vernietiging wat dit oor die ganse aarde sal meebring. Dan vertel Openbaring 11:15 ons: "En die sewende engel het **geblaas**, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid". Christus "sluip" dus **nie** terug aarde toe om in die geheim Sy

heiliges "weg te raap" hemel toe nie. Hy keer eerder terug aan die einde van die mees ontsagwekkende aardskuddende gebeure in die geskiedenis – gebeure wat deur **elkeen** gevoel en gesien sal word!

Weereens vertel die apostel Paulus ons self aangaande Christus se Wederkoms: "Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die **laaste basuin**; want die **basuin** sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word" (1 Korintiërs 15:51-52). Verstaan asseblief hierdie sleutelfeit baie mooi: die heiliges van God – lewendig of dood – word *nie opgewek of verander tot na die kragtige "laaste basuin" geblaas het nie*. Hierdie basiese feit alleen **vernietig** die ganse "wegrapingsteorie" heeltemal!

Jesus Christus beskryf duidelik in Mattheus 24:3-33 die *volgorde van gebeure* wat Sy Wederkoms voorafgaan. Lees *asseblief hierdie verse baie noukeurig!* Eerstens beskryf Jesus die vals profete wat sal kom en "baie" sal mislei (vers 5). Dan beskryf Hy oorlog, hongersnood, pessiëtes en aardbewings wat sal volg. Vertel Jesus ons dan dat Sy heiliges al hierdie dinge sal ontvlug? Nee! Jesus vertel ons eerder: "Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en *julle doodmaak*; en julle sal deur al die nasies **gehaat** word ter wille van my Naam" (vers 9). *Baie* ware

Christene sal gemartel word **voordat** Christus terugkom – **nie** "weggeraap" word hemel toe nie!

Daarna voorspel Jesus die Groot Verdrukking, wat so verskriklik is dat "geen vlees" gered sou word nie, tensy God ingryp (verse 21-22). Dan vertel vers 29 ons: "En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word". Die ontsagwekkende "hemeltekens" volg daarop en daarna die glorieryke wederkoms van Jesus Christus met die "harde trompetgeluid" (vers 31), terwyl al die heiliges by Christus versamel word en by Hom aansluit wanneer Hy op die Olyfberg neerdaal. "En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En *in dié dag* sal sy voete staan op die Olyfberg" (Sagaria 14:3-4). Laastens is Sagaria geïnspireer om aan ons te vertel: "En die HERE sal Koning wees oor die hele **aarde**; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een" (vers 9).

Deur roekeloos *aan te neem* dat die apostel Johannes die Kerk verteenwoordig, deur versigtig die duidelike en konsekwente betekenis van die "laaste basuin" *ter syde te stel* en deur van ander middele gebruik te maak, stel dit LaHaye in staat om 'n platform daar te stel waarvan die "wegrapingsteorie" geloods kan word, maar dit is heeltemal onbybels en on-

bewysbaar. Waar het hierdie verwarrende teorie ontstaan?

Oorsprong van die wegrapingsteorie

Feitlik alle kenners erken dat die wegrapingsteorie basies onbekend en nie onderrig was nie totdat 'n man met die naam John Nelson Darby op die toneel verskyn het. Darby was die stigter van die Plymouth Brethren Kerk. Hy het 'n stelsel van Bybelvertolking beskryf wat “beskikking” genoem is. Hierdie ongewone teorie bespiegel dat God verskillende reëls vir verskillende groepe op verskeie tye in die menslike geskiedenis het. Darby onderrig dat God 'n “wet” gehad het vir die Jode, maar “genade” vir die Kerk.

Later is Darby se idees verfyn en gewild gemaak deur Cl Scofield, skrywer van die *Scofield Reference Bible*. Vanuit hierdie bron is Protestantse Evangeliesgesindes bekoor deur hierdie leringe, ten spyte daarvan dat dit skreiend onbybels is.

In 'n poging om vroeëre oorsprong van die wegrapings-teorie te vind, noem LaHaye 'n aantal vae verwysings wat ver in tyd teruggaan na lank voor Darby. LaHaye haal byvoorbeeld aan uit die geskrifte van ene Pseudo-Ephrem, maar erken tog dat dit moeilik is om te weet *wie* hierdie man werklik was of gedurende *watter* tydperk hy geskryf het. Hier volg die aanhaling van “Pseudo-Ephrem” wat in LaHaye se boek, *Revelation Unveiled* gebruik

word: “Waarom dan verwerp ons nie alle sorge van aardse optrede nie en berei onself voor vir die ontmoeting met die Here Christus, sodat hy ons vanuit die verwarring kan bring, wat die ganse wêreld oorweldig? *Al die heiliges en uitverkorenes van God word versamel voor die verdrukking, wat op pad is en word na die Here geneem*, sodat hulle nie meer te eniger tyd die verwarring kan sien wat die wêreld oorweldig as gevolg van ons sondes nie” (bl. 110; beklemtoning deur ons).

Let asseblief daarop dat hierdie beweerde antieke aanhaling *geen Bybelse verwysing* noem om hierdie idees geldig te maak nie en die woord “wegraap” word verseker nie gemeld nie. Nog 'n vae en selfs vroeëre aanhaling wat LaHaye aanwend (bl. 111) is dié van Victorinius, 'n Rooms-Katolieke biskop van so vroeg as 270 n.C. In 'n kommentaar oor Openbaring het Victorinius bespreek hoe God se mense moontlik gered sou word van die plaë wat deur die twee getuies meegebring word, soos beskryf in Openbaring 11. LaHaye skryf: “In sy kommentaar oor Openbaring vergelyk hy die plaë van daardie tyd met die plaë van Levitikus en sê dan: 'Hierdie sal in die laaste tye wees, wanneer die gemeente reeds van die midde uitgegaan het.' Duidelik het biskop Victorinius van Petau, 'n briljante Bybelkenner wat in die derde eeu geleef het, die kerk sien vertrek *voor* die plaë gedurende die tyd van God se toorn, wat uit sy kommentaar,

sewe jaar blyk te wees. '(Hulle het) reeds van die midde uitgegaan' was sy manier om die Wegraping van die Kerk te beskryf”.

Wat vertel hierdie aanhaling van 'n antieke skrywer ons van die wegrapingsteorie?

Niks.

Hierdie aanhaling sê absoluut **niks** van 'n “wegraping” nie. Dit is slegs 'n vermoede dat God se mense – op die een of ander manier – vanuit die “midde” van hierdie gevaarlike situasie weg sou gaan. Deur *aan te neem* dat hierdie antieke skrywer na die wegraping verwys het, slaag LaHaye daarin om woorde in die mond van biskop Victorinius te plaas!

Is daar egter 'n ware manier van ontsnapping vir God se mense gedurende die komende Groot Verdrukking? Wat onderrig die Bybel self duidelik hieroor?

'n Plek van Veiligheid

Die Bybel onderrig duidelik dat God 'n Plek van Veiligheid sal voorsien – “'n plek wat deur God gereed gemaak is” (Openbaring 12:6) – vir Sy mense gedurende die Groot Verdrukking. Dit sal definitief nie 'n geheime “wegraping” behels nie en die getroue heiliges van God sal **nie** hemel toe gaan nie. God sal hulle *bonatuurlik* beskerm in 'n *plek hier op hierdie aarde*.

Ter beskrywing van die traumatiese gebeure wat net voor die Groot Verdrukking plaasvind, vertel Jesus aan Sy

volgeling: “En bid dat julle **vlug** nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar **groot verdrukking** wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie” (Mattheus 24:20-21). Jesus praat **nooit** van 'n wegraping nie, maar eerder van die “vlug” van Sy mense. Let daarop dat ons moet bid dat hierdie vlug **nie** op God se Sabbat moet plaasvind nie, want hierdie komende vlug sal 'n mate van fisiese inspanning en stres behels – net soos die Israeliete van ouds se vlug uit Egipte. Indien 'n bonatuurlike “wegraping” betrokke was, sou daar geen kommer oor die Sabbat of die gevaar van reis gedurende die winter wees nie. **Dit moet baie duidelik wees.**

Later inspireer Christus die apostel Johannes om in besonderhede te skryf hoe die ware Kerk na 'n Plek van Veiligheid geneem word op hierdie aarde. *Bestudeer asseblief Openbaring 12 noukeurig sodat niemand u oor hierdie kwessie kan verwar nie!* In Openbaring 12 onthul Jesus aan Johannes 'n visioen oor 'n “vrou” – Israel – wat die Messias voortbring (verse 1-2). Dan verskyn Satan as 'n draak gereed om “haar kind [te] verslind sodra sy gebaar het” (vers 4). Christus, die “manlike kind ... wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer” (vers 5) word dan na God se troon weggeruk in hierdie kragtige visioen.

Vervolgens (vers 6), moet die

“vrou” – nou duidelik die Nuwe-Testamentiese Kerk van God – na die “woestyn [vlug] waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is”. U kan maklik vir uself bewys dat die hemel nooit 'n “woestyn” genoem word nie! Hierdie skrifdeel beskryf eerder die vlug van God se ware Kerk vanuit die sentrale areas van die Romeinse Ryk – en van die vervolging van die *groot vals kerk* – na die “woestynarea” van die Italiaanse en Switserse Alpe van 554 tot 1814 n.C.! In die “dag vir 'n jaar” beginsel van Bybelprofesie (sien Esegël 4:6 en Numeri 14:34) sal dit 'n 1,260 jaar tydperk behels wat strek van die opkoms van die Romeinse keiser Justinianus in 554 na die verwydering van die laaste Heilige Romeinse keiser, Napoleon, in 1814. Dit was gedurende hierdie 1,260 jaar tydperk wat die ware Christene wat in die Bybel geglo het, in die grootste fisiese gevaar was van hierdie bose stelsel wat God noem “Verborgenhede, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde” (Openbaring 17:5).

Die Groot Verdrukking begin

Tydens hierdie einste tyd van die einde, breek 'n geestelike oorlog uit tussen Satan en sy duiwels en die engele van God. Hierdie ontsagwekkende geestelike oorlog sal moontlik plaasvind binne die volgende paar jaar! Satan word oorwin en “is neergewerp op die aarde ... met **groot woede**, omdat hy weet dat hy **min tyd** het” (Op.

12:9-12).

Skielik, onverklaarbaar, sal 'n bose gees op die area van die Diermag in Europa neersak en op die leiers van die valse kerk. Kort daarna sal hulle in alle ywer begin beplan om die *vernietiging* van die VSA, Kanada en Brittanje mee te bring! Hulle sal ook gou begin om toe te slaan op enigeen wat die egte Waarheid van die Bybel durf verkondig. *Dit* sal die begin van die Groot Verdrukking wees.

Op hierdie stadium, skryf Johannes, sal Satan die “vrou vervolg” – nou duidelik die getroue Nuwe-Testamentiese Kerk van God (verse 13-16). Net soos in die tipiese vervulling wat in vers 6 beskryf is, gaan die Kerk weereens deur God gelei word om te **vlug** na 'n Plek van Veiligheid *hier op aarde*, want, “die **aarde** het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak [Satan, vers 9] uit sy bek uitgooi het” (vers 16).

Wanneer hy sien hoe die waarlik ywerige Christene na 'n Plek van Veiligheid geneem word waar hy hulle nie meer kan bykom nie, is Satan “**vertoorn** op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat **die geboorte van God** bewaar en die **getuigenis** van Jesus Christus hou” (vers 17). Dan word daardie swak, louwarm Christene wat op hierdie stadium “agtergelaat” word, *verskriklik* deur Satan die duiwel en sy volgeling *vervolg*.

Sommige leraars poog om

vers 17 op die *Joodse volk* van toepassing te maak, maar hierdie ganse hoofstuk praat duidelik van die “Israel van God” (Galasiërs 6:16) – eers antieke Israel (Openbaring 12:1-4) en dan die getroue Nuwe-Testamentiese Kerk van God – wat gedurende die Middeleeue deur God gelei is om van die Heilige Romeinse Ryk te vlug gedurende baie vervolgings, insluitend die Inkwisisie (vers 6). Geliefd soos hulle is, het die Jode nie die “getuienis” van Jesus Christus gehou nie (vers 17) en sal dit ook nie volg nie. Hierdie laaste “vlug” na veiligheid is absoluut van toepassing op *God se ware Kerk!*

Naby die einde van Sy bediening, gee Jesus Christus hierdie noodsaaklike opdrag aan Sy mense: “*Waak* dan en **bid altyddeur**, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te **ontvlug** en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36). *Baie min* belydende Christene gehoorsaam hierdie opdrag van die Seun van God! Dit is omdat die meeste mense kerke bywoon waar Bybelse profesie selde bespreek en verseker nie verstaan word nie. Hulle weet nie waarvoor om te “waak” nie – en is moontlik glad nie geïnteresseerd daarin nie. Trouens, die meeste kerk-gangers vandag weet nie eens *hoe* om te bid nie, en hulle roep ook nie “dag en nag tot Hom”, soos Jesus gesê het Sy “uitverkorenes” sou doen nie

(Lukas 18:7). Die meerderheid van God se eie mense word eerder beïnvloed – in hierdie laaste Laodiciëse era van God se Kerk – om loutewarm te wees. Die lewende Jesus Christus praat kragtig oor hierdie gesindheid: “Ek ken jou werke, dat jy **nie koud is en ook nie warm nie**. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy **loutewarm** is en nie koud of warm nie, sal Ek jou **uit my mond spuug**” (Openbaring 3:15-16). Dit blyk dat loutewarm, belydende Christene reg in die midde van die Groot Verdrukking gewerp sal word (verse 17-19)! Hulle is nie gewillig om hul liggame as *lewende* offers (Romeine 12:1) te gee nie, om *ten volle* oor te gee en om toe te laat dat Jesus Christus Sy gehoorsame lewe in hulle leef nie, sodat – wanneer die Groot Verdrukking begin – God hulle **nie** sal beskerm nie en hulle sal uiteindelik gedwing word om te kies tussen *volle* oorgawe aan God of ewig-durende *dood* in die Vuurpoel.

Tog sal God se getroue, waarlik *gehoorsame* kinders bonatuurlik beskerm word in 'n plek hier op aarde. God beskryf die *lewenswyse* van Sy getroue mense: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die **gebooie** van God en die geloof in Jesus **bewaar**” (Openbaring 14:12). Net soos Sy ware Kerk in Openbaring 12:17 beskryf word as 'n gebodshoudende Kerk, so **gehoorsaam** God se individuele heiliges die Tien Gebooie as 'n **lewenswyse** – hulle gee

nie toe tot die sirenesang van so baie leraars dat daar met God se geestelike wet “weggedoen” is of dat dit “aan die kruis vasgespyker is” nie. Die Bybel is *baie duidelik* hieroor!

Indien u dus die goddelike beskerming van die Almagtige God verlang in die traumatiese maande en jare wat voorlê, wees verseker dat dit **nie** daarin berus om opgewonde te raak daarvoor om te eniger tyd skielik “weggeraap” te word hemel toe nie. Ons Skepper sal, soos God se Woord dit duidelik maak, eerder Sy getroue Kerk lei om te weet *wanneer* en *waarheen* om te vlug net voor die Groot Verdrukking begin. Hulle sal *bonatuurlik* beskerm word in 'n plek wat God kies *hier op aarde*. Dan, *na* die Groot Verdrukking, sal “die **basuin** ... weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal *verander* word” (1 Korintiërs 15:52; verw. 1 Thessalonicense 4:13-17).

Daar sal geen “geheime wegraping” van die heiliges wees nie. Die kragtige trompet-gesal van God sal die aarde **skud** voordat die heiliges van God opstaan! Mag God u en u geliefdes help om te verstaan en gewillig te wees om **oor te gee** aan die lewende Jesus Christus sodat Hy Sy *gehoorsame* lewe in u kan leef deur die krag van die Heilige Gees. Soos die apostel Paulus geïnspireer is om ons te vertel: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus **leef** in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek

Verstaan die opstandings

Deur Douglas S. Winnail

Weet u wat na die dood gebeur? Deur die tye het verskillende kulture en godsdiens met hul eie antwoorde vorendag gekom. Selfs die tradisionele begrafnisgebruike in verskillende kulture weerpieël hul verskillende idees van wat na die dood gebeur.

Volgens tradisie veras Boeddhiste hul afgestorwenes. Hulle verwag nie 'n hiernamaals nie, maar 'n reeks wedergeboortes tot *nirvana*, 'n einde van die individuele bewustheid en absorpsie in die "wêreldsiel", bereik word. Verassing toon hul oortuiging dat die siel deur tallose liggame oorgedra word wat elkeen vir die siel onbelangrik is.

Aan die ander kant het antieke Egiptenare die hiernamaals gesien as 'n voortsetting van hul aardse bestaan. Hulle het groot sorg geneem om liggame te bewaar en saam met items te begrawe wat hulle as bruikbaar in die volgende wêreld beskou het. Hul begrafnisgewoontes – insluitend hul piramides, moontlik die grootste monumente tot die afgestorwenes wat ooit gebou is – toon hul oortuiging dat persoonlike bestaan na die dood voortgaan.

Hebreeuse gewoontes toon 'n baie verskillende uitkyk op lewe ná die dood. Omdat hulle God se stelling aan Adam: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na

die aarde, want daaruit is jy geneem ... stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer" (Genesis 3:19) letterlik opgeneem het, het Hebreërs tradisioneel hul afgestorwenes eenvoudig en vinnig begrawe en die dooie liggaam gelaat om te ontbind. Volgens die Bybel lê die hoop van die dooie nie daarin om 'n vasgekeerde siel te bevry of 'n dooie liggaam te bewaar nie. Job vra 'n retoriese vraag: "As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe?" (Job 14:14). Job weet dat God hom uiteindelik uit die graf sal roep (vers 15). Die Bybel toon duidelik dat die opstanding die *enigste* hoop is vir almal wat doodgaan.

Die onsterflikheid van die siel is onbybels

Die meeste belydende Christene glo dat die hemel die beloning is vir dieregverdige en dat daar 'n ooreenstemmende hel vir die goddeloses is. Tog is baie afgestoot deur die algemene Protestantiese konsep van die hel, omdat daar aanvaar word dat biljoene vir ewig in foltering sal wriemel dood-eenvoudig omdat hulle nooit van Jesus Christus gehoor het nie. Indien Christus die "enigste weg na die hemel" is, soos die Evangelies gesindes onderrig, dan **kan** die meeste mense wat ooit geleef en gesterf het **nie daar wees nie**. Rooms-Katolieke het 'n ander

benadering deur die byvoeging van bykomende bestemmings vir siele na die dood; hul tradisie sluit in 'n remediërende vagevuur en 'n foltervrye limbo vir ongedoopte babas en "goeie" heidene.

Die probleem met al hierdie idees is dat dit in mense se gedagtes gevorm word en **nie uit die Bybel nie**. Hulle glo almal uit die staanspoor die veronderstelling dat die mensdom inherent oor onsterflikheid beskik en dat 'n onsterflike siel daarom *êrens heen moet gaan* met afsterwe, maar die Bybel onderrig **nêrens** die onsterflikheid van die siel nie! Trouens, die term "*onsterflike siel*" kom nie eens in die Bybel voor nie.

In die Ou Testament word die Hebreeuse woord *nephesh* oor die algemeen as "siel" vertaal. Dit is in Genesis 2:7 gebruik waar ons lees dat God lewenslug in Adam geblaas en hy 'n lewende siel geword het. *Nephesh* word egter ook in Genesis 1 gebruik om die feit dat visse (vers 20) en ander diere (vers 24) lewendig geword het, te beskryf. In die Bybel is daar niks onsterflik omtrent *nephesh* – 'n siel – nie. Ons word daarenteen in Esegieël 18:4 vertel dat **die siel wat sondig sal sterf**.

In die Nuwe Testament word die Griekse woord *psuche* oor die algemeen as "siel" vertaal. Daar is weereens niks onsterflik

aan 'n *psuche* nie. Openbaring 8:9 gebruik hierdie woord wanneer dit verduidelik dat een derde van die diere “in die see ... gesterwe [het]”. Net so vertel Openbaring 16:3 dat “al die lewende wesens in die see ... gesterwe [het]”. “Siel” beteken *lewe* en kan verwys na enige lewende wese, 'n mens of 'n dier.

Hierdie Griekse woord *psuche* is die oorsprong van ons Afrikaanse woord *psige*, wat na die verstand verwys. Dit word soms gebruik om daardie verstandelike vermoëns te beskryf wat een individu van 'n ander onderskei. In Matteus 10:28 sê Jesus: “En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel [*psuche*] sowel as die liggaam kan verderwe in die hel”. Let daarop dat die hel wat Jesus beskryf **beide** die liggaam en die siel sal **vernietig!** Die siel is nie onsterflik nie, dit kan vernietig word. In hierdie konteks verwys *psuche* na 'n mens se verstand of individualiteit. Hoewel 'n ander persoon u fisiese lewe kan kortknip, kan God u steeds laat opstaan. Hy behou 'n rekord van u individualiteit, insluitend u geheue en karakter. Terwyl 'n mens u nie u kans kan ontnem om in die toekoms opgewek te word en weer te kan leef nie, kan – en *sál* God in sommige gevalle.

Drie verskillende Griekse woorde word in die 1933 vertaling van die Nuwe Testament as “hel” of “doderyk” vertaal en elkeen beskryf iets

anders. *Tartaroo* word slegs eenmaal gebruik in 2 Petrus 2:4 en verwys na 'n plek van aanhouding vir duiwels. *Hades* wat “die graf” beteken, word dikwels gebruik om die blyplek van die dooies tot en met die opstanding te beskryf. *Hades* is **nooit** gebruik om 'n plek van toekomstige straf aan te dui nie. Nog 'n Griekse woord wat gewoonlik as “hel” vertaal word, verwys **wel** na 'n plek waar die goddelose mense met die dood gestraf word. Dit is *Gehenna* en is vernoem na die Hinnomvallei net buite Jerusalem waar die liggame van kriminele gewoonlik saam met afval en dooie diere verbrand is. Christus gebruik hierdie plek, bekend aan al Sy luisteraars, om die verbranding van die onbekeerbare goddeloses te beskryf.

Die Bybel toon nêrens dat onsterflikheid die mensdom se natuurlike staat is nie; dit onderrig dat ons inherent sterflik en tot die dood veroordeel is. In 1 Timotheus 6:16 beklemtoon die apostel Paulus dat *slegs God* onsterflik is. Hy vertel aan die gemeente in Korinthe dat die regering **met die opstanding** met onsterflikheid geklee sal word (1 Korintiërs 15:53-54).

Indien die mens nie 'n onsterflike siel is nie, wat gebeur dan by die dood? Die Bybel vergelyk dood met slaap. Die dooies is bewusteloos en weet niks tot en met hul opstanding nie (Prediker 9:5). Die apostel Paulus beskryf die afgestorwe Christene as *ontslape in Christus* (1 Thessalonicense

4:14-15). Aan Sy dissipels beskryf Jesus hul dooie vriend Lasarus as aan die *slaap* (Johannes 11:11-14). Die profeet Daniël voorspel 'n toekomstige tyd wanneer “die wat in die stof van die aarde slaap, **sal ontwaak**, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid” (Daniël 12:2).

Hoewel die mens sterflik is en natuurlik inherent oor geen ewige lewe beskik nie, verklaar die patriarg Job dat God 'n begeerte vir die werk van Sy hande het. Uiteindelik sal Hy roep – en Job weet dat hy sal antwoord (Job 14:15). Wanneer sal dit plaasvind? Indien die tradisionele hemel en hel teorie van die algemene Christendom verkeerd is, hoe en wanneer sal die Skepper met die mensdom handel?

Die beter opstanding

Die Bybel onderrig dat daar meer as een opstanding uit die dood sal wees. Hierdie opstandings vind op verskillende tye plaas en behels verskillende groepe mense. Die boek Openbaring maak die tydsraamwerk vir elke opstanding duidelik.

Let op wat Johannes in Openbaring 20:6 aanteken: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die **eerste opstanding**; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank”. Die eerste opstanding is 'n *opstanding tot onsterflikheid* en

vind plaas voor die Millennium – die duisend-jaar heerskappy van Christus en die heiliges op Aarde. Die apostel Paulus beskryf hierdie gebeurtenis aan die gemeente in Korinthe en sê vir hulle dat dit sal plaasvind “in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word” (1 Korintiërs 15:52-53).

Wat is die laaste basuin? Die boek Openbaring beskryf 'n reeks van sewe bonatuurlike basuine wat in die eindtyd sal blaas. Hierdie basuine kondig die ingryping van die Almagtige God en ook Sy oordeel oor 'n rebelse wêreld aan. Openbaring 8 toon die geskal van die eerste vier van hierdie engele se basuine en die ongelooflike natuurrampe wat met elke blaas van die basuin sal volg, aan. Openbaring 9 vertel van die blaas van die vyfde en sesde basuin en die oorlog en vernietiging wat daarop volg. In Openbaring 11:15 lees ons: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid”. Die sewende en laaste basuin kondig die wederkoms van Jesus Christus en die opstanding van die regverdige afgestorwenes aan. Paulus

beklemtoon dit in 1 Thessalonicense 4:16: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan”. In die daaropvolgende verse verduidelik hy dat Christene wat steeds leef ten tye van hierdie ontsagwekkende gebeurtenis ook na onsterflikheid verander sal word en Jesus met die herrese heiliges in die lug tegemoet sal gaan.

Hierdie eerste opstanding is tot heerlijkheid en onsterflikheid en bestaan slegs uit diegene wat aan Christus behoort aan die einde van Sy Tweede Koms (1 Korintiërs 15:23). Hebreërs 11:35 noem dit die “beter opstanding”. Toe Christus na drie dae en drie nagte in die graf uit die dode opgestaan het, het Hy die eersteling geword van diegene wat ontslaap het (1 Korintiërs 15:20). Diegene wat Jesus Christus waarlik as Heer en Verlosser aanvaar beskik oor 'n ongelooflike belofte – omdat Hy leef, sal ons ook leef (Johannes 14:19)!

Die Tweede Opstanding

Slegs 'n klein minderheid van mense het nog ooit Christus en die Vader werklik **leer ken** en op Hulle vertrou. Wat gebeur met al die ander mense?

Openbaring 20:5 maak dit duidelik dat die res van die dooies – diegene wat nie in die eerste opstanding was nie – nie weer sal leef tot en met die

voleinding van die millenniale regering van Christus en die heiliges nie. Johannes beskryf voorts 'n groot versameling mense wat op daardie tydstep weer lewend gemaak sal word en voor God sal staan (vers 12). Ons word vertel dat die Boek van die Lewe *weer geopen* sal word. Waarom is dit nodig, as die Bybel vertel dat diegene wie se name *tevore* in die Boek van die Lewe opgeteken is (Openbaring 3:5) tot onsterflikheid opgerig is met Christus se wederkoms *een duisend jaar tevore*? God sal nie nodig hê om die Boek te heropen om te sien of Hy per ongeluk 'n fout gemaak en iemand uitgelaat het nie. Die feit dat die Boek *weer oopgemaak* word, verteenwoordig eerder 'n kans vir andere wat **op daardie tydstep** in die Boek opgeteken gaan word.

Jesus praat van 'n opstanding tot oordeel, waar die mense van antieke heidense stede langs baie van die Jode van Sy tyd sal staan (Mattheus 12:41-42). Hy sê ook dat baie van daardie antieke volke *hulle sou bekeer* as hulle Sy werke gesien en Sy boodskap gehoor het (Mattheus 11:21-23). Is mense vir ewig verlore omdat hulle nooit daardie kans gehad het nie? Onthou dat God geen aannemer van mense is nie (2 Kronieke 19:7) en geen begeerte het dat enigiemand moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom (2 Petrus 3:9).

Waarom kon so baie van diegene vir wie die Apostels gepreek het, nie sien en verstaan nie? Hulle was

geestelik *verblind* (Romeine 11:25). Onthou, Christus stel dit baie duidelik dat **niemand** na Hom kan kom tensy die Vader hom trek nie (Johannes 6:44). Tog het Paulus 'n toekomstige tyd afgewag wanneer die **hele** Israel **gered sal word** (Romeine 11:26). Die profeet Esegïël beskryf in 'n visioen daardie toekomstige tyd van verlossing vir Israel. Hy sien 'n vallei vol droë beendere en word vertel dat dit die hele huis van Israel verteenwoordig. Hy sien die beendere wonderbaarlik bymeekaarkom en geraamtes vorm, dan word hulle met vlees bedek. Uiteindelik kom asem in hierdie reuse leermag van hersaamgestelde liggame en word hulle weer *lewendig*. God se boodskap is: “Daarom, profeteer en sê aan hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal *julle grafte oopmaak* en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Israel. *En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle grafte oopmaak* en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk!” (Esegïël 37:12-13). By hierdie toekomsgebeurtenis wat een duisend jaar *na* Christus se wederkoms sal plaasvind, sal mensewesens tot fisiese lewe opgewek word en in staat wees om God werklik te *ken*. Dit is nie 'n tweede kans nie, maar eerder 'n *eerste geleentheid* vir biljoene wat tevore nie bewusgemaak was van God se plan en doel in hierdie tyd nie.

Dit sal 'n toekomstige tyd van oordeel vir die oorgrote meerderheid van die mensdom

wees. Jesaja 65:20 toon dat hierdie opwekking tot fisiese lewe lei wat vir een honderd jaar sal duur. Gedurende hierdie tyd sal geestelike blindheid verwyder word, die Boek van die Lewe geopen en die herrese dooies geoordeel word uit die boeke van die Bybel, gebaseer op wat hulle met die geleentheid doen wat hulle *dan* kry.

'n Derde opstanding

Wat gebeur aan die einde van hierdie toekomstige oordeelstydperk, wanneer die meeste van die mensdom tot fisiese lewe opgewek en die geleentheid gegun is om die waarheid vir die eerste keer te leer? Ons het diegene bespreek wat Christus vertrou het en met Sy wederkoms in die eerste opstanding tot onsterflikheid sal opwek en ons het gesien wat met diegene gebeur wat in die huidige tyd geestelik verblind is en dan duisend jaar later tot sterflike lewe opgewek sal word om hul eerste geleentheid te hê om hul name in die Boek van die Lewe opgeteken te kry. Wat gebeur egter met diegene wat God se verlossing willens en wetens *verwerp* het?

Sommige mense in hierdie tyd het die geleentheid gehad vir God se verlossing, maar het *willens en wetens* hul *rug daarop gekeer* en dit verwerp. Petrus praat in 2 Petrus 2:21 van hulle: “Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die

heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is”. Die apostel Paulus verduidelik: “Want as ons *opsetlik* sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer” (Hebreërs 10:26-27).

Hierdie oordeel van God verskil grootliks van die tradisioneel denkbeeldige helvuur wat baie belydende Christene verwag sondaars vir ewig sal martel. Let op die beskrywing in Maleagi 4:1: “Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle *aan die brand steek*, sê die HERE van die leërske; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie”. Die helvuur wat in die Bybel beskryf word, is bedoel om goddeloses te *vernietig*, *nie* om hulle vir ewig te martel nie. Openbaring 20:15 beskryf die tydsberekening van hierdie toekomstige vernietiging van die onbekeerbare goddeloses. Aan die einde van die oordeelstydperk, wanneer die voorheen verblindes geleentheid gegun word om hul name in die Boek van die Lewe opgeteken te kry, sal diegene waarvan die name nie in die Boek verskyn nie, in 'n poel van vuur gewerp word wat bedoel is om hulle *op te brand*. Dan sal diegene wat in ons huidige tyd hul geleentheid op verlossing *verwerp* het, opgerig

word om die *tweede dood* te ervaar. In die gelykenis van Lasarus en die ryk man beskryf Jesus iemand wat in die doderyk (*hades*) wakker word, nie tot heerlikheid of tot 'n geleentheid vir verlossing nie, maar eerder om God se vurige toorn wat op hom afkom te trotseer (Lukas 16:23). Sodanige persoon sal gekonfronteer word met die foltering van sy uitsluiting van die Koninkryk van God en sy hangende vernietiging en sal saam met al diegene wat uiteindelik hul geleentheid vir verlossing verwerp het, omkom. Op daardie tydstip sal al diegene

wie se name nie in die Boek van die Lewe geskryf is nie, omkom.

Petrus beskryf dat met hierdie komende tyd van God se finale oordeel oor sonde “waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand” (2 Petrus 3:10). Dit sal gevolg word deur “nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon” (vers 13).

Johannes beskryf ook hierdie gebeurtenis in Openbaring 21 en beeld die skepping van die nuwe hemel en aarde uit, asook die Nuwe Jerusalem wat uit die

Hemel neerdaal. Op hierdie glorieryke tyd sal Christus die Koninkryk aan Sy Vader oorhandig (1 Korintiërs 15:24). Die Vader en Christus sal in die Nuwe Jerusalem woon, saam met die onsterflik-gemaakte heiliges, in 'n tyd van geen hartseer, pyn of tranes nie. Dit sal – uiteindelik – moontlik wees omdat sonde en alles wat daardeur besoedel is óf gereinig óf vernietig sal wees (vers 26). Die Bybel sluit af met hierdie beeld, wat die *einde van die begin* en die drumpel van die ewigheid aandui!

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 7
Hatfield, Pretoria
0028**

**of skakel : 058 622 1424
en vermeld dat u navraag doen
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**

Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur.

Die hoop van 'n Christen

Ons weet almal dat geloof noodsaaklik is vir verlossing, maar hoop is ook. Watter beslissende rol speel hoop vir 'n Christen wat streef om die ewige lewe te bekom?

God se Woord sê “sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag” (Hebreërs 11:6), maar dit is ook duidelik dat 'n Christen moet *hoop* handhaaf as hy verwag om God se Koninkryk binne te gaan. “Want ons is gered in hoop” (Romeine 8:24). Wat is die kosbare Christen *hoop*?

Daar is tans oor die ses biljoen mense op aarde, maar waarom het die oorgrote meerderheid van daardie biljoene mense geen realistiese *hoop* op 'n toekomstige lewe nie? Waarom is so baie mense in absolute onkunde oor die mens se enigste hoop om onsterflikheid te bekom?

Bykans ses duisend jaar gelede verduidelik God aan die eerste mens hoe hy en sy nasate die ewige lewe kan bekom – mits hulle net hul Skepper sal gehoorsaam en dit doen wat Hom welgevallig is. Hulle kon óf deel hê aan die “boom van die kennis van (beide) goed en kwaad” en onder die verskriklike gevolge van sonde lei: hartseer, sielskwellings, armoede, onmin, geweld en oorlog, óf hulle kon hul Skepper gehoorsaam en in vrede, geluk en ewige heerlikheid lewe (Genesis 2:15-17).

Dit is betreurenswaardig dat Adam en sy vrou Eva God se

geboorte en Sy lewenswyse verwerp het en die *slegte* pad gekies het wat 'n *mengsel* van beide “goed en kwaad” is. Gevolglik belet God hulle toegang tot die weg wat hulle in staat sou stel om vir ewig te leef. “Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie! Toe stuur die HERE God hom weg uit die tuin van Eden” (Genesis 3:22-23). Op daardie tydstip belet God hulle van die “hoop op die ewige lewe”.

'n Wêreld sonder hoop

Gedurende die afgelope 6,000 jaar het die mens sy eie gang gegaan, sy eie ding gedoen en vasbeslote geweier om God en Sy goedgunstige weë te volg (Romeine 3:10-18). Wat was die tragiese gevolge van hierdie weiering? Dit is 'n berg van moeilikhede en ellende; emosionele en fisiese swaarkry, siekte en kwale, menslike verknorsing en kranksinnigheid, misdaad en geweld, ontydige dood, massamoord en wêreldoorloë (sien Romeine 1:21-32; 6:23; Esegiël 18:4)! Min van die

biljoene der biljoene manne en vroue wat geleef het, het ooit werklike geluk en vreugde of vrede en voorspoed geken. Die meeste van daardie biljoene het min, indien enige, werklike *hoop* op 'n “goeie lewe” gehad, hetsy in hierdie wêreld of in die een wat kom. Die oorgrote meerderheid was van God *afgesny*, sonder ware kennis van hul Skepper en sonder *werklike hoop* in God.

Die apostel Paulus verduidelik hierdie hopeloosheid aan die Efesiërs: “Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was ... dat julle in dié tyd *sonder Christus* was, *vervreemd* van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbode van die belofte, *sonder hoop* en sonder God in die wêreld. Maar nou ... is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God” (Efesiërs 2:11-13, 19).

Die apostel Paulus verheug hom in die kennis van die *ware* God, wat duidelik openbaar hoe mense deel van Sy Familie kan word: “Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie *elke* [heilige] *geslag* in die hemele en op die aarde sy naam ontvang ... sodat julle vervul kan

word tot al die volheid van God" (3:14-19). Die eens benewelde verstande van die Efesiërs was nie meer afgesny van toegang tot hul Skepper nie, maar kon deel hê in die "hoop van die evangelie" (Kolossense 1:23) – ewige lidmaatskap tot die Godfamilie – as Sy dierbare "seuns en dogters" (2 Korintiërs 6:18).

Die meeste van die tallose biljoene mense wat geleef en gesterf het, het nooit hul Skepper geken nie, gevolglik het baie van hulle in volslae *hopeloosheid* geleef terwyl hulle geglo het dat hulle na die dood vergetelheid in die gesig sou staar! Selfs diegene wat geglo het in 'n hiernamaals, het dikwels die heidenwêreld se bygelowige bedrog geglo, soos *nirvana*, *limbo*, *vagevuur* of die een of ander aardse *paradys*, of hulle glo dat hulle die ewigheid saam met God in die *Hemel* sal deurbring. Sommige Amerikaanse Indiaanse stamme glo dat hulle na die dood, na die "gelukkige jagveld" gaan en daarom maak hulle seker dat hulle met hul wapens, krale en ander persoonlike besittings begrawe word. Die antieke Egiptenare het hul afgestorwenes gebalsem, omdat hulle geglo het dat die "siele" van die dooies na die onderwêreld sou oorgaan waar hulle die materiële dinge sou geniet waarmee hulle in hul grafkelders omring is.

Geloof en hoop

Geloof en hoop werk saam tot

ons verlossing. Geloof in God se beloftes, tesame met gehoorsaamheid, lei tot opregte hoop (Jakobus 2:17-26).

God se mense glo nie in mensgemaakte "tevergeefse hoop" – 'n fiktiewe "paradys" êrens in die hemele nie. Wat is dus die hoop van die Christen? Die apostel Paulus onthul duidelik dat *hoop*, tesame met *geloof* en *liefde*, een van die drie belangrikste instrumente van 'n Christen is (1 Korintiërs 13:13), wat hom in staat sal stel om tot die einde toe vas te byt en daardeur elke struikelblok wat Satan, die wêreld of die "menslike natuur" voor hom plaas, te oorwin.

Ons word verseker dat God "nie kan lieg nie" (Titus 1:2) en "geen ding sal by God *onmoontlik* wees nie" (Lukas 1:37). Verder verklaar Christus dat "die Skrif nie gebreek kan word nie" (Johannes 10:35). Daarom, indien ons werklik God se Woord ken, kan ons die *vaste sekerheid* hê dat wat ons ook al in *geloof* "in [Christus se] Naam" vra (Johannes 14:14), God ons sekerlik sal gee: "En dit is die *vrymoedigheid* wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy *wil* [soos in die Bybel onthul]" (1 Johannes 5:14).

Kom ons kyk na 'n paar van God se beloftes wat nie verbreek kan word nie. Jesus sê: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en *al hierdie dinge* [soos voedsel, kleres en behuising] sal vir julle bygevoeg word" (Mattheus 6:33). Paulus verklaar: "En my God sal *elke*

behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus" (Filippense 4:19). God belooft ook: "Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie ..." (Hebreërs 13:5-6). Verder sê Dawid: "Die *Engel* van die HERE trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en *red* hulle uit" (Psalm 34:8). Psalm 91 gee verskeie kere die versekering van God se redding en beskerming waarop Sy mense kan aanspraak maak.

Een groot belofte, wat Christene baie bemoedigend kan vind, kom in 1 Korintiërs 10:13 voor: "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra". Die Woord van God verseker ons van God se absolute trou: "omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle *begin* het, dit sal *voleindig* tot op die dag van Jesus Christus" (Filippense 1:6).

'n Ware Christen *hoop* nie net dat God in al sy behoeftes sal voorsien, hom van noodlottige ongelukke sal beskerm, hom al sy sondes sal vergewe of nie sal toelaat om meer versoek te word as wat hy kan hanteer nie. Die ware Christen het eerder die absolute *geloof* dat God getrou is om Sy beloftes na te kom! Hy *weet met absolute sekerheid* – hy geniet die volle *versekering* dat – omdat God nie kan lieg nie en Sy Woord nooit verbreek kan word nie, Hy hom nie in die steek

sal laat nie en elkeen van Sy beloftes sal hou! Daar is honderde beloftes in God se Woord waarop Sy kinders kan aanspraak maak, mits ons God en Sy Woord *glo*. Ons moet egter altyd onthou om daardie dinge volgens Sy geopenbaarde wil te vra en dit is ewe belangrik dat ons *gehoorsame* kinders moet wees as ons verwag dat God ons moet hoor en ons gee wat ons ookal vra: “en wat ons ook al *bid*, ontvang ons van Hom, omdat ons *sy gebooie bewaar* en doen wat welgevallig is voor Hom” (1 Johannes 3:22).

Wat is die hoop van die Christen?

Hoe verskil *geloof* en *hoop* van mekaar? Geloof is “'n vaste *vertroue* op die dinge wat ons *hoop*, 'n *bewys* van die dinge wat ons nie sien nie” (Hebreërs 11:1) Deur 'n paar sleutel teksverse te ondersoek, sien ons duidelik hoe *geloof* en *hoop* verskillend is – hoewel hulle mekaar komplementeer, tog is elk absoluut noodsaaklik vir ons fisiese en geestelike oorlewing. *Hoop*, in samewerking met *geloof*, stel ons in staat om geduldig al ons beproewings te *verduur* en om al ons moeilikhede te *oorwin*, sodat ons vol *vertroue* die Koninkryk van God kan verkry!

Die apostel Paulus vertel ons dat: “die skepping wag met *reikhalsende verlange* [d.i. *hoop*] op die openbaarmaking van die kinders van God” (Romeine 8:19). *Vine's Expository Dictionary of New*

Testament Words sê dat hoop (*elpis* in Grieks) 'n “gunstige en voortdurende afwagting” is (bl. 232). Abraham, die vader van die gelowiges, stel vir ons 'n uitstekende voorbeeld deur al sy *hoop en drome* op God te vestig: “Hy het teen *hoop* op *hoop* geglo dat hy vader sou word van baie volke” (Romeine 4:18).

Paulus sê dat gelowiges “roem in die *hoop* op die heerlijkheid van God” (Romeine 5:2), dit is, hulle verheug in die *verwagting* om onsterflik gemaak te word. Verder sê hy: “Maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid *hoop*; en die *hoop* beskaam nie” (verse 3-5). Hy sê ook dat diegene wat die “eersteling van die Gees” het, “sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam. Want ons is gered in *hoop*; maar die *hoop* wat *gesien* word, is geen *hoop* nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog? Maar as ons *hoop* wat ons *nie sien nie*, dan wag ons daarop met volharding” (Romeine 8:23-25). Christene moet hulle altyd “verbly ... in die *hoop*, ... geduldig [wees] in die verdrukking ...” (Romeine 12:12). Paulus sê dat ons slegs deur “*lydsaamheid* en bemoediging van die Skrifte *hoop* kan hê ... En mag die *God van die hoop* julle vervul met alle blydschap en vrede deur die geloof, dat julle oorfloedig kan wees in die *hoop* deur die krag

van die Heilige Gees” (Romeine 15:4, 13).

Die apostel Paulus bid vurig “dat die God van onse Here Jesus Christus ... aan julle die Gees van wysheid ... mag gee ... sodat julle kan weet wat die *hoop* van sy roeping ... is” (Efesiërs 1:17-18). Later in hierdie sendbrief vertel Paulus die Efesiërs: “Dit is een liggaam [d.i. die ware Kerk] en een Gees, soos julle ook geroep is in *een hoop* van julle roeping” (4:4); hy herinner ook die Kolossense aan die “*hoop* wat vir julle weggelê is in die hemele” (Kolossense 1:5) en vermaan hulle om versigtig te wees om “julle nie [te] laat afbring van die hoop van die evangelie nie” (vers 23), wat die “hoop van die ewige lewe” is (Titus 1:2). Paulus verwys dikwels na die “hoop en die opstanding” (Handelinge 23:1, 6), en vertel die Jode dat “daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges” (24:13-15).

“Die hoop van die ewige lewe”!

Dieselfde apostel verseker Christene dat “die hoop op die saligheid” soos 'n “helm” is in hul geestelike wapenrusting (1 Thessalonicense 5:8), maar hierdie “saligheid” is iets wat geen ware Christen ooit as vanselfsprekend moet aanvaar nie. Selfs al is dit God se gratis geskenk (deur Sy “genade” volgens Efesiërs 3:8-9), onthul Paulus se skrywes nietemin dat dit vir gelowiges moontlik is om te kort te skiet aan daardie prys

van onsterflikheid (Hebreërs 6:1-6; 10:21-31). Paulus skryf ook aan die Hebreërs dat hulle “net die vrymoedigheid en die roem van die *hoop* tot die einde toe onwrikbaar [moet] vashou” (Hebreërs 3:6) en vermaan hulle om “dieselfde ywer [te] mag toon om te kom tot die *volkome sekerheid van die hoop* tot die einde toe” (6:11). Dan herinner hy hulle dat hulle moet vasbyt, sodat hulle kan vashou “aan die *hoop* wat voorlê; en ons het *dit as 'n anker van die siel* wat veilig en vas is” (verse 17-19).

Paulus herinner Titus, sy medeleraar, aan die Christen se “*hoop van die ewige lewe* wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het” (Titus 1:1-2); en hy herinner Titus ook dat “ons, geregverdig deur sy [Christus se] genade, erfgename ... word ooreenkomstig die *hoop van die ewige lewe*” (3:7).

Verder verwittig Paulus die Jode wat op die Sanhedrin gediën het van sy onwrikbare oortuiging van 'n hiernamaals: “Maar dit erken ek voor u dat ek ... die God van my vaders dien ... en 'n hoop op God het ... dat daar 'n *opstanding* sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges” (Handelinge 24:13-15).

Petrus en Johannes se getuienis

Die apostel Petrus besef ook die belang van “*hoop*”: “Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ... ons die wedergeboorte

geskenk het tot 'n *lewende hoop* ... sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons” (1 Petrus 1:3-4). Hy vermaan Christene om seker te maak dat hul “geloof en hoop op God [is]” (vers 21). Hy vermaan die gelowiges ook om: “altyd bereid [te wees] om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die *hoop* wat in julle is” (3:15).

Christus se geliefde apostel Johannes het ook besef dat die Christen se vurige hoop op verkryging van die opstanding 'n “suiweringseffek” op die verstand van elke gelowige het: “Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! ... En elkeen wat *hierdie hoop* [op verheerliking] op Hom het, reinig homself soos Hy rein is” (1 Johannes 3:1-3).

Die Ou Testamentiese profete en heiliges lê groot hoop op God aan die dag: “Welgeluksalig is hy wat die God van Jakob het as sy hulp, wie se *hoop* is op die HERE sy God, wat hemel en aarde gemaak het” (Psalm 146:5-6). Koning Salomo sê van hoop, dat die “*verwagting* [d.i. *hoop*] van die regverdiges is vreugde, maar die *hoop* van die goddelose vergaan” (Spreuke 10:28). Salomo verduidelik ook: “'n *Uitgestelde hoop* maak die hart siek; maar 'n *wens* wat uitkom, is 'n lewensboom” (13:12). Hy voeg by dat die “regverdige vind 'n toevlug [d.i. *hoop*] by sy dood” (14:32).

Regverdige Job vra: “As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Dan sou ek hoop al die dae van my stryd totdat my aflossing kom [by die opstanding]” (Job 14:14). Die profeet Jeremia sê: “Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertrou die HERE is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is” (Jeremia 17:7-8). Hy sê ook: “Dit is goed om in stilheid te *hoop* op die hulp van die HERE” (Klaagliedere 3:26).

Is ons verlossing verseker?

Voordat ons die bogenoemde vraag oor die *sekerheid van ons verlossing* kan antwoord, moet ons die volgende vrae oorweeg: Sê God dat dit Sy wil is dat alle mense 'n geleentheid op verlossing gegun word? Ja! (verg. 2 Petrus 3:9)! Sal almal “gered” word? Nee! Sal sommige “verlore” gaan en die “tweede dood” ervaar? Ja (verg. Hebreërs 6:1-6; Openbaring 20:12-15)! Indien enigiemand daarop aandring om teen God te rebelleer, sál Hy sodanige rebel toelaat om die dood te kies!

Waarom sal 'n liefdevolle God die bose vernietig? God sal aan alle mense die ewige lewe bied, maar Hy sal nie verlossing op enigiemand afdwing nie (Johannes 3:16; Romeine 10:13). Indien enige persoon gewillig is om hom te bekeer en God se lewenswyse te aanvaar, en hom daardeur totaal wegkeer van boosheid, sal hy gered word. Indien enigeen egter teen God en Sy weë draai – God se uitgestrekte hand van redding

weier en daardeur opsetlik sondig – sal hy die uiteindelijke prys vir rebellie en boosheid betaal – die ewige dood (Hebreërs 10:23-29)! Hoe kan 'n liefdevolle God toelaat dat enigeen vir altyd in 'n ewigbrandende vuur brand, in lyding vir alle ewigheid? Hy kan nie en Hy sal nie (Genesis 2:17; Esegïel 18:4, 20; Romeine 6:23)! Die goddelose sal doodeenvoudig uitgewis word en dit sal wees asof hulle nooit was nie (Maleagi 4:1; Daniël 12:2; Mattheus 10:28)! 'n Christen moet nooit vergeet nie: Dit is God se *begeerte* dat *almal* gered word (1 Timotheus 2:4)! Hy *dwing* egter niemand om Sy weg te kies nie. Elke persoon moet vir homself kies of hy God wil gehoorsaam en Sy weg wil volg, en of hy die pad van die goddelose wil volg en *uiteindelik vernietiging wil beleef* (Deuteronomium 30:15-20)!

Kan enigeen *geloof* hê – absolute sekerheid – dat hy nie sal “wegval” nie? Ja – maar slegs *indien* hy God gehoorsaam en gewillig is om die voorwaardes na te kom wat Hy in die Bybel voorskryf. Let daarop dat hierdie “indien” aandui dat dit moontlik is vir 'n persoon om hom weg te keer van God en Sy weg. *Twyfel* of *onsekerheid* oor ons verlossing ontstaan altyd uit die swakhede van die menslike wil om hom onwrikbaar aan God se wil te onderwerp. Elke mens het die mag om te kies om *gehoorsaam* of *ongehoorsaam te wees aan God*, maar 'n persoon kan kies

om God te gehoorsaam, en dan later *weg draai*. Wat dan? Tensy so 'n goddelose mens hom bekeer, sal hy nie God se koninkryk binnegaan nie (verg. Esegïel 14:14; Openbaring 22:14-19)! Alle onbekeerde persone sal deur God verwerp word! Sodanige opsetlike sondaars sal vernietig word deur 'n liefdevolle, genadige Skepper – wie se groot liefde nie kan toelaat dat hulle vir ewig in volslae ellende leef nie (Psalm 145:8-9, 20)!

Ons kan absolute *geloof*, *versekering* en *sekerheid* hê dat die Grote God nie net almagtig is nie, maar ook altyd en volmaak in karakter – daarom sal Hy altyd doen wat Hy in Sy Woord beloof, maar wat is ons aandeel? Ons het die heerlike “*hoop* op die opstanding”, maar nie die absolute *versekering* daarvan nie – tensy ons “volhard tot die einde toe” volgens Christus se eie woorde (Mattheus 24:13). Slegs diegene wat boosheid in hierdie lewe “oorwin” sal dit maak tot in God se Koninkryk (Openbaring 2:7, 11, 17, 26, 3:5, 12, 21)! Selfs die apostel Paulus openbaar dat hy dit “nog nie gemaak het” nie. Hy besef baie goed dat hy kon wegval as hy nie waaksaam is nie. Paulus wou “Hom [Christus] ... ken en die krag van sy opstanding ... of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik. Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp [die ewige lewe] ... Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie [die ewige

lewe], Maar ... jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus” (Filippense 3:10-14). Ja, ons kan *geloof* hê dat ons God se Koninkryk sal binnegaan – *mits* ons gewillig is om die wil van ons Skepper te gehoorsaam!

Onthou dat *geloof* en *hoop* baie nou *verwant* is. Hulle *komplementeer* mekaar, maar is *nie* identies nie. Om geloof te hê is om sekerheid oor iets te hê, terwyl hoop ons opregte verwagting beklemtoon. Ons hoop om die Koninkryk te verkry dryf in ons die gehoorsaamheid wat, saam met geloof, ons help strewe daarna om “sy geboorie [te] bewaar en [te] doen wat welgevallig is voor Hom” (1 Johannes 3:22)!

Mag al God se dierbare kinders 'n sterk, blywende *hoop* volhou – die *hoop op die opstanding*! Mag almal die vaste *vertroue* hê dat God hul gehoorsaamheid sal beloon met die ewige lewe in Sy Koninkryk. Almal wat met ywer “streef” daarna (Lukas 13:24) om Sy Koninkryk in te gaan, en wat tot die heel einde toe “getrou” bly, sal dit maak (Openbaring 17:14). Mag ons genadige Hemelse Vader ons die einste geloof van Christus verleen, wat ons in staat sal stel om ons vurige *hoop* om onsterflikheid te bekom, 'n werklikheidsal maak – op die oomblik wat ons ons langverwagte “kroon van die lewe” bekom (Jakobus 1:12)!

Berei voor vir die toekoms

Deur Roderick C. Meredith

God open vir ons deure hier in Noord Carolina, meer as wat ons nog ooit in hierdie huidige werk ondervind het. Ons is uiters dankbaar hiervoor en ons sien uit na die toekoms om 'n ware opmerkbare impak op die wêreld te hê soos wat die tyd verloop.

Tans beweeg profetiese gebeure teen 'n vinniger tempo en in 'n meer breër fundamentele wyse as ooit tevore.

Na meer as 50 jaar se voltyds diens in Christus se bediening, hoop ek ek kan perspektief op die situasie werp. Gedurende die 1950's het ons 'n ernstige droogte beleef wat vir sewe jaar geduur het, maar die nasie was toe baie sterk en het in effek, in sterkte toegeneem. Teen die 1960's, het 'n wydverspreide onsedelikheid toegeneem, meer as ooit tevore in die Verenigde State, toe "Elvis the Pelvis" 'n sensasie geword het, asook later die Beatles en ander skreeuende, ronddraaiende karakters na vore gekom het en 'n gevoel van histerie onder die jong mense veroorsaak het. Sommige van die jeug het dagga gebruik, of ander veel erger dwelms! Nogtans was die nasie sterk as 'n geheel – die VSA se militêre mag was die sterkste in die wêreld.

Na die fiasko van Viëtnam en die "onbehaaglikheid" van die 70's, was die nasie steeds in

staat om homself in militêre opsigte te versterk onder president Ronald Reagan, en hierdie dryfkrag het voortgeduur tot die eerste Golf oorlog onder President H.W. Bush. Daarna volg die jare van die Clinton administrasie, toe Amerika se weermag in wese "ruggraatloos" gelaat is en die toename van sedeloosheid versnel het, aangemoedig deur die baie slegte voorbeeld wat "deur die hoogste boom" gestel is. Desondanks het God, in Sy genade, nie toegelaat dat enige buitelandse avonture ons verswak nie, of dat *enige* sterk vyand ons sedert die heengaan van die Sowjet-Unie Ryk, wat reeds in die ampstermyn van die eerste president Bush gebeur het, ons uitdaag nie.

Nou het die toestand egter definitief reg oor die wêreld versleg so ver as wat dit Amerika en Brittanje betref. Soos wat baie nuusontleders en kommentators verduidelik het, is die algemene minagting en selfs haat teenoor die VSA – tussen honderde miljoene mense in die Midde Ooste, Asië en selfs Wes Europa – besig om toe te neem teen 'n merkbare tempo. Ons huidige president het nog nie tyd gehad om die weermag op te bou ten einde die verskeie uitdagings te trotseer wat ons skynbaar in die gesig staar nie.

Ons nasionale skuld-situasie is plofbaar, die uitstaande paaie is 'n toestand wat skynbaar erger en erger word vir die Verenigde State, en die euro het baie veld gewen teenoor die dollar. Stadig maar seker begin die Europeërs, Asiërs en ander om hulle beleggings te onttrek van die Verenigde State en die gelde oor te plaas na Europa of elders. Selfs nou, terwyl die VSA magte in Irak saamgetrek is, dreig die diktator in Noord-Korea die wêreld met 'n atoombom! Verder mag sommige van die 1.2 biljoen Moslems van *reg oor die wêreld* opgesweep word om bystand te verleen in verskeie terroriste aanvalle en ander dade wat die trots en aansien van die Verenigde State en sy getroue bondgenoot, Groot Brittanje, ondermyn. Verskeie "geheimsinnige" siektes soos SARS is besig om reg oor die wêreld te verskyn, aardbewings word meer kragtig, kom meer dikwels voor en 'n skaarste aan voedsel en ander items in ons winkels mag van tyd tot tyd begin voorkom.

Ek voel dit is my plig as dienskneg van God om julle broers almal te waarsku om te besef – en om u deel te doen om **voor te berei**, vir beide die geestelike en fisiese noodgevalle wat ons binnekort mag tref!

Ons moet altyd die “groot oorsig” voorspelling onthou van Matteus 24:6-11. In hierdie verse, beskryf Christus die feit dat daar 'n aantal oënskynlike “klein oorloë” sowel as groter konflikte sal wees wat regstreeks in die Bybel voorspel word. Hy dui aan in Lukas 21:11 dat daar “verskriklike dinge” of soos sommige vertalings dit aangee, “skrikwekkende dinge” – oor ons sal kom asook werklike “groot” aardbewings teen die einde van die tyd. Terselfdertyd sal daar hongersnood en siekte-epidemies wees.

As ons werklik Bybel-gelowige Christene is, sal ons **voorberei** vir hierdie situasies – insluitend die terroriste aanvalle wat nou klaarblyklik voor die deur is. Mnr. Herbert Armstrong het ons dikwels herinner aan die ou spreekwoord: “God help hulle wie hulself help!” Hy het menige voorbeelde uit eie ondervindings aangehaal, en aangetoon dat – alhoewel God soms *bonatuurlik ingryp* om ons te verlos – Hy van ons verwag om ons deel te doen om onself te beskerm, en om wysheid te gebruik. Onthou die voorbeeld van Jesus se stiefvader, Josef. Die woord van God vertel ons dat, nadat Jesus gebore is: “En omdat hulle in 'n droom 'n goddelike waarskuwing ontvang het om nie na Herodes terug te keer nie, het hulle met 'n ander pad na hul land teruggegaan. En toe hulle teruggegaan het, verskyn daar 'n engel van die HERE in 'n droom aan Josef en sê: Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte, en bly

daar totdat ek jou sê; want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak” (Matteus 2:12-13). Later het God Josef gelei om van Egipte af terug te keer. Dan lees ons dat God Josef weereens gelei het om, wat ons “ontwykende aksie” mag noem, te neem ten einde die jong kind Jesus te beskerm. “En hy het 'n goddelike waarskuwing in 'n droom ontvang en na die streke van Galiléa teruggekeer” (vers 22).

Ons moet almal die *oorspronklike* voorbeeld van Josef onthou, terug in die land van Egipte, wie gewaarsku was deur God om ekstra voedsel opsy te sit vir die voorspelde hongersnood (Genesis 41:25-57). Klaarblyklik kon God gesê het: “Moenie bekommerd wees of 'n ontwykende aksie neem nie, ek sal julle sommer verlos – ongeag wat gebeur!” Nietemin, die Bybel – wat die gedagtes van God openbaar – dui aan dat God wou gehad het dat Josef en Sy uitverkore volk die ondervinding moes beleef om ekstra eetgoed opsy te sit en leer om hulle deel te doen met die voorbereiding vir 'n toekomstige ramp. Soos die apostel Jakobus skryf “die geloof sonder die werke [is] dood” (Jakobus 2:20).

Dit is beter vir ons om lesse te leer deur hierdie situasies – en versigtigheid, wysheid en volharding te beoefen – as wat God ons uit elke moontlike ramp moet “verlos”. God berei ons voor om Sy volle seuns in Sy Koninkryk en familie vir ewig te wees. Ons moet leer om 'n begrip van Sy wil te ontwikkel, en

die wysheid om baie verskillende tipe situasies deeglik te kan hanteer. Dan sal ons beter geskik en beter voorberei wees om as konings en priesters te regeer, onder Christus, in die wêreld van môre.

Ons hemelse Vader vertel ons in Spreuke 22:3: “'n Skrander mens sien die onheil en verberg hom, maar die eenvoudiges gaan verder en word gestraf”. Vanselfsprekend wil God nie hê ons moet lafaards wees nie, maar dit is ook duidelik dat 'n wyse man of vrou somtyds hom of haarself moet “verberg” – ontwykende aksie neem – of selfs in die geheim neergelaat moet word oor die stadsmuur en “vlug,” soos wat die apostel Paulus in 'n gevaarlike situasie gedoen het (Handelinge 9:23-26)!

God gee ons ook in die Skrif die voorbeeld om mekaar te help in noodsituasies. “En een van hulle met die naam van Agabus het opgestaan en deur die Heilige Gees te kenne gegee dat daar 'n groot hongersnood oor die hele wêreld sou kom, wat ook gekom het onder keiser Claudius. En die dissipels het besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broeders wat in Judéa woon. En dit het hulle ook gedoen en dit deur Bárnabas en Saulus aan die ouderlinge gestuur” (Handelinge 11:28-30). In die komende jare mag dit nodig word – en ons Christelike plig wees – om ons broeders in ander gedeeltes van die wêreld te help wanneer swaar teenspoed oor hulle kom.

Uit vrees dat ons hier in die Verenigde State te selfvoldaan en verwaand voel, laat ons besef dat, soos wat die “Hoofkwartier” gebied van die Kerk moes hulp aanvaar in die Apostoliese tyd, so ook mag ons hier in die Verenigde State nodig hê om gehelp te word deur ander gedeeltes van die wêreld in die toekomstige jare.

Onthou, almal van ons is “gekoop en voor betaal” deur die offer van Jesus Christus! Die geïnspireerde woord van God sê: “Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge. Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie. As die voet sou sê: Omdat

ek nie die hand is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie – behoort hy daarom nie aan die liggaam nie?” (1 Kor. 12:12-15). Weereens: “maar God het die liggaam saamgestel en aan die misdeelde lid oorvloediger eer gegee, sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra. En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly. Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik” (verse 24-27).

In tye soos hierdie, moet ons almal waarlik nederig wees – luister na die instruksies van God se Woord, van ons menslike leiers in die volk en veral in die Kerk van God. Ons lees: “Een wat die tug liefhet, het kennis lief; maar wie die teregwyding haat, is dom ... Die weg van 'n dwaas is reg in sy eie oë, maar die wyse luister na

raad” (Spreuke 12:1,15). Buiten luister, is dit nodig vir ons om te **reageer** op wat vir ons gesê word, solank as wat ons weet dat dit binne God se wil is. Let op wat God geïnspireer het in Prediker 9:19: “Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou **mag**, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie”. So, ek hoop dat u almal, en u geliefdes, sal aksie neem omtrent die dinge wat ek nou net uitgewys het, en dat u God sal wys dat u gewillig is om u deel ywerig te doen.

Natuurlik, bo en behalwe alles wat ons menslik kan doen, is ons uiteindelijke geloof in **God self!** Sy geïnspireerde Woord sê immers: “Die perd word reggemaak vir die dag van die geveg, maar die oorwinning is deur die HERE” (Spreuke 21:31).

Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms aankondig

Weet u watter gebeure die grootste gebeurtenis van alle tye – Christus se terugkeer na hierdie aarde – sal aankondig?

Leer waarvoor om op die uitkyk te wees in die huidige chaotiese wêreldsituasie sodat u nie verward of onvoorbereid sal wees nie.

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

Ons het almal geloof nodig!

Deur Roderick C. Meredith

Die apostel Paulus maak 'n baie interessante opmerking in Kolossense 1:24: "Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukkinge van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is". Is daar inderdaad 'n sekere hoeveelheid van die "verdrukkinge van Christus" wat elke ware Christen in die gesig moet staar voordat hy die ewige lewe kan ingaan? Is 'n sekere hoeveelheid versoeking, toetsing en selfs lyding, gewoonlik nodig om ons die diepe nederigheid, standvastigheid en algehele oorgawe te leer wat nodig is voordat ons 'n *verheerlikte geestelike wese in die familie van God kan word*?

Paulus beantwoord nie hierdie vraag direk nie.

Van die begin tot aan die einde van die Bybel is God se Woord egter vol van voorbeelde van Sy dienaars wat deur diepe beproewings gaan. Vind ons 'n wonderlike *doel* vir al hierdie beproewings? In 1 Pet. 1:4 word ons vertel van "'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis". Dan sê Petrus: "Daarin verheug julle jul, al word julle nou – as dit nodig is – 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewings, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur

gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Jesus Christus" (verse 6-7). Hierdie smartlike beproewings dwing ons om deeglik te deurdink wat werklik belangrik is. Dit dwing ons om ernstig tot God te roep vir hulp en om *Hom te dien bo alles* met meer volledige oorgawe. Dit is die smeltkroes wat God gebruik om ons te vorm om *Sy volle* Seuns te word!

Die besef van die diepgaande rede vir hierdie beproewings, kan help om ons groter gemoedsrus en groter *geloof* te gee. Dit help ons ook om te besef, soos die apostel Paulus geskryf het, "ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is" (Rom. 8:28). Deur die eeue heen moes Godvresende manne en vroue verder as die onmiddellike omstandighede kyk en "weet" dat God daar is en dat Hy lewendig en in beheer is en dat Hy definitief hulle spesifieke beproewing ten goede sal laat werk *selfs al* moet hulle hulle fisiese lewens prysgee! Dit is die grondslag van Sadrag, Mesag en Abednégo se stralende **geloof**. Koning Nebukadnésar was vreeslik *kwaad* oor hulle weiering om die goue beeld wat hy opgerig het te aanbid. Hier word die grootste vors op aarde

verneder deur drie jong Jode. *Hy sou dit nie duld nie!* Nebukadnésar het hierdie jong manne minagtend uitgedaag: "en wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?" (Dan 3:15). Hulle het die koning geantwoord: "Ons ag dit nie nodig om u hierop 'n antwoord te gee nie. As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie (verse 16-18).

Ja, selfs indien God sou verkies om hulle nie te red nie, was die God van Israel "werklik" genoeg vir hierdie dapper jong manne om hulle lewens niteenstaande aan Hom toe te vertrou!

Wat van u en ek?

Is ons bereid om ons lewens te gee vir Jesus Christus – *kom wat wil?* Is God so volkome "werklik" vir ons dat ons deur die verskriklike skok van aanranding, opsluiting of dood kan gaan? Kan ons deur 'n lang uitgerekte beproewing gaan soos wat Josef het? Onthou, Josef se broers het hom as slaaf verkoop. Vir 13 *lang jare* moes hy deur beproewing na beproewing gaan – as slaaf verkoop, met die dood gedreig,

in die tronk gegooi, saam met nog baie ander beproewings – totdat hy *uiteindelik* verhef is tot die tweede persoon in beheer van die hele Egiptiese ryk! Dertien jaar is 'n **lang tyd**.

Ons verstaan dat koning Dawid vir ongeveer *tien jaar* moes vlug vir koning Saul – in grotte moes skuil, in die wildernis en in allerhande gevaarlike en ongemaklike omstandighede moes leef. Dawid het egter sy onwrikbare *geloof* in die Almagtige God behou, en sy diep liefde en agting vir Saul se amp en vir Saul self behou. Selfs toe Dawid die geleentheid gehad het om Saul te vernietig en hy so naby aan hom was dat hy 'n stuk van sy kleed afgesny het. Let op die diepe nederigheid en agting in Dawid se hart: “Maar daarna het Dawid se gewete hom gepla, omdat hy die slip van Saul afgesny het, en hy het aan sy manne gesê: Mag die HERE my bewaar dat ek so iets aan my heer, die gesalfde van die HERE, sou doen om my hand teen hom uit te steek; want hy is die gesalfde van die HERE” (1 Sam. 24:5-6).

Later, toe Dawid en Abísai Saul aan die slaap vind met sy spies by sy kop in die grond gesteek, let op wat het gebeur: “En Abísai sê vir Dawid: Vandag het God u vyand in u hand oorgelewer; laat ek hom tog nou met sy spies in een slag teen die grond vassteek sonder om dit 'n tweede keer te doen. Maar Dawid sê vir Abísai: Bring hom nie om nie, want wie slaan sy hand aan die gesalfde van die

HERE en bly ongestraf? Verder sê Dawid: So waar as die HERE leef, sekerlik sal die HERE hom slaan, òf sy dag sal kom dat hy sterwe, òf hy sal aftrek in die geveg en omkom!”

“Mag die HERE my bewaar dat ek my hand aan die gesalfde van die HERE sou slaan! Maar neem nou tog die spies wat aan sy koppenent is, en die waterkruik, en laat ons weggaan” (1 Sam. 26:8-11).

Op soortgelyke wyse is dit nodig vir almal van ons om verder as die mens te kyk om sodoende God se doel te sien in die situasies wat mag ontwikkel in die jare wat voorlê. God sal met ons werk, ons vorm en fatsoeneer en lesse leer vir alle ewigheid. Ons moet 'n diep en vaste geloof hê dat dit so is – en ons geloof en vertroue in **God** stel!

Elkeen van ons moet beseef dat die lang periodes van beproewings en toetse regdeur ons Christelike lewens gedoen word vir die *uitsluitlike doel* om ons te verfyn, te poleer en elkeen van ons 'n perfekte “juweel” in God se oë te maak. Daarom moet ons *hierdie beginsel* verstaan wanneer ons lees van Jesus se opdragte aan Sy dissipels en aan ons: “Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind. Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens

gee as losprys vir sy siel? Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlijkheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy daade” (Matt. 16:24-27).

Dit is so maklik vir elkeen van ons om ons eie lewe te wil probeer “red”. Ons mag hoog wil lewe en fokus *te veel*, met tye, op fisiese dinge vir onself en ons families – te veel tyd en energie word bestee om materiële dinge na te jaag, sodat ons **nie** 'n lewe lei van opofferende diens tot God en mens soos wat Jesus Christus van ons verwag nie. Wie van ons kom nie te kort aan hierdie standaard nie? Ons moet fokus op Jesus se belofte dat wanneer Hy met die Vader se heerlijkheid terugkeer, Hy verseker elkeen van ons op 'n manjifieke manier gaan beloon. Die apostel Paulus was geïnspireer om verder hierop uit te brei: “Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word. WANT ek reken dat *die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie*” (Rom. 8:16-18).

Die *verheerlikte liggaam* wat God vir ons in gedagte het, en die ontsagwekkende geleentheid om met Hom en Jesus deur alle ewigheid in wisselwerking te kan wees, kan ons swak mense

nie ten volle begryp nie maar ons verstaan dat ons geroep is, *letterlik*, om gemeenskap te hê met God en met Christus – asook metmekaar (1 Joh. 1:3).

Daarom, deur te “eet” van God se Woord (Joh. 6:57) – deur aanhoudend te lees en ons daaraan te herinner aan die werklikheid van God en hoe Hy *altyd* Sy dienaars bevry het – kan ons, deur Sy Gees in ons, 'n diep **geloof** in God bou wat uiters noodsaaklik gaan wees in die jare wat nou voorlê!

Baie van ons mag die roerende en mooi voorbeeld onthou van “Ebed-Meleg” die Kusiet, soos uiteengesit in Jeremia 38. Jeremia was in 'n tronk gegooi en in 'n put van modder neergelaat. Toe hy hiervan hoor het Ebed-Meleg, een van die koning se hofdiensars, die koning daarvan vertel en klaarblyklik die geleentheid gevra om Jeremia te help. Die koning het hom toestemming gegee. Vers 11-13 lui: “Daarop het Ebed-Meleg die manne met hom saamgeneem en ingegaan in die paleis van die koning onder die voorraadmekaar en daarvandaan verslyte en geskeurde lappe geneem wat hy

na Jeremia in die put met toue laat afsak het. En Ebed-Meleg, die Kusiet, het vir Jeremia gesê: Sit tog die verslyte en geskeurde lappe onder jou armholtes onder die toue; en Jeremia het so gedoen. En hulle het Jeremia aan die toue opgetrek en hom uit die put uitgehaal. En Jeremia het in die voorhof van bewaking gebly”.

Ebed-Meleg het duidelik sy eie lewe in sy hande geneem deur prinse teë te gaan wat die koning se guns in die eerste plek gewen het. Maar, “die res van die storie” – soos dit later geopenbaar word – dui daarop dat Ebed-Meleg *verder* as hierdie prinse gedink het. Alhoewel hy 'n Kusietiese hofdienaar in die koning se huishouding was, het hy sy geloof en vertroue op die Ewige God van Israel gestel. God het hom hiervoor *beloon*! Baie weke of maande later, nadat die Babiloniërs Juda oorwin het, het God se Woord tot Jeremia gekom en aan hom gesê om Ebed-Meleg te kontak: “Gaan en spreek met Ebed-Meleg, die Kusiet, en sê: So spreek die HERE van die leërskaar, die God van Israel: Kyk, Ek bring my

woorde oor hierdie stad ten kwade en nie ten goede nie, en dit sal voor jou oë vervul word in dié dag. Maar Ek sal jou in dié dag red, spreek die HERE; en jy sal nie oorgegee word in die hand van die manne vir wie jy bang is nie. Want Ek sal jou sekerlik laat vrymaak, en jy sal deur die swaard nie val nie; maar jou siel sal vir jou 'n buit wees, *omdat jy op My vertrou het*, spreek die HERE” (Jer. 39:16-18).

Geliefde broeders, soos ons vervolgd en miskien in die tronk gegooi word omdat ons die Waarheid preek en gehoorsaam – beide in ons huidige gemeenskap en, later, soos die moderne Babiloniërs baie van ons lande oorwin – sal ons met **geloof** kyk na die God van Israel om ons te verlos soos Ebed-Meleg? Mag God gee dat elkeen van ons stadig maar seker die kennis en stralende geloof ontwikkel wat elkeen van God se uitstaande dienaars getoon het. En mag God elkeen van ons verlos en aan ons sê: “Jou siel sal vir jou 'n buit wees omdat jy op My **vertrou** het”.

Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed

Waarom verhoor God die meeste mense se gebede nie? Weet u hoe om op sodanige wyse te bid dat u ware resultate sal kry?

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Profesieë Vervul: Die Ware Evangelie Herstel!

Deur Douglas S. Winnail

Die meeste beleidende Christelike kerke *glo* vandag dat hulle Christus se opdrag uitvoer wat lui: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom” (Mark. 16:15). Baie opregte pogings is aangewend om 'n evangelie van genade te verkondig – God is lief vir elkeen, Christus het gesterf om sondaars te red en deur Jesus as u verlosser te aanvaar gaan u hemel toe. Wat die meeste beleidende Christene egter nie besef nie is dat hulle 'n *ander evangelie* aanvaar het en propageer as wat Jesus en die Apostels verkondig het! Bybelprofesie openbaar dat die evangelie van Christus *verdraai* sal word, dat die wêreld mislei sal word om 'n *vals* evangelie te glo, maar dat die *ware* evangelie *herstel* en *verkondig* sal word net voor die terugkeer van Jesus Christus. Daardie profesieë word vandag *bewaarheid!*

Die Ware Evangelie

Dit is insiggewend om die evangelie wat Jesus Christus verkondig het te vergelyk met die evangelie wat nou in die kerke gepreek word. Jesus *het nie* rond gegaan en mense gevra om hulle harte aan die Here te gee, en dan 'n kort gebed gedoen sodat hulle gered kan word nie. Menigte Skrifte gee

duidelik dieselfde boodskap – dat “Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van *die koninkryk van God* verkondig en gesê [het]: ... *die koninkryk van God* het naby gekom; *bekeer julle* en *glo* die evangelie” (Mark. 1:14-15; Matt. 4:17, 23). In die boek van Mattheus verwys Jesus *slegs drie keer* na sy komende dood en opwekking, Hy verwys egter *meer as 30 keer* na die komende koninkryk van God! Markus en Lukas doen dieselfde beklemtoning. Jesus het dit aan Sy dissipels opgedra, “En Hy het hulle uitgestuur om *die koninkryk van God* te verkondig (Luk. 9:2). Jesus het geleer dat, diegene wat tot bekering gekom en nederig en leerbaar geword het, “is die grootste in die koninkryk van die hemele” (Matt. 1:1-5). Jesus het Sy apostels belowe dat “julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel” in die komende koninkryk (Matt. 19:23-30). Gedurende Christus se verskyning aan Sy dissipels na Sy opstanding, was *die koninkryk van God* die *hoof onderwerp* van bespreking (Hand. 1:1-7).

Die Apostels het dieselfde boodskap verkondig. Toe Filippus na Samaria gegaan het, het hy “die evangelie aangaande *die koninkryk van God* en die Naam van Jesus Christus

verkondig” (Hand. 8:12). Aan die einde van sy bediening het Paulus steeds “die koninkryk van God gepreek en onderrig gegee ... aangaande die Here Jesus Christus” (Hand. 28:23, 31). Die apostel Johannes verduidelik dat die gelowiges “konings en priesters vir onse God gemaak [word], en ons sal as konings op die aarde heers” saam met Christus gedurende die millenium (Op. 1:4-8; 5:10; 20:4-6). Die Bybel sê dat, buiten Jesus, “niemand ... opgevaar [het] in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is” (Joh. 3:13), nie eers Koning Dawid nie (Hand. 2:29-34; 13:36). Ons behoort te vra hoekom hierdie evangelie nie vandag gepreek word nie? Wat het van die boodskap geword wat Jesus en Sy Apostels verkondig het?

'n Ander Evangelie

Jesus waarsku, “*pas op* vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom” – wat as Christelike onderwysers voorkom maar *verkeerde idees* versprei (Matt. 7:15-19). Hy het ook voorspel dat daar aan die einde van hierdie tydperk baie sal kom “onder my Naam ... en hulle sal *baie mense mislei*” (Matt. 24:3-5, 11). Die apostel

Paulus het die ouderlinge in Efese vermaan dat “na my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat *verkeerde* [misleidende] dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan” (Hand. 20:28-31). Paulus het die Korinthiërs gewaarsku om nie mislei te word deur mense wat “’n *ander* Jesus verkondig ... ’n *ander* gees ontvang ... of ’n *ander* evangelie as wat julle aangeneem het” nie (2 Kor. 11:1-4). Die verdraaiing van die ware evangelie het egter reeds in die dae van die Apostels begin!

In 'n brief aan die kerk in Galasië, geskryf ongeveer 52 n.C., sê Paulus, “EK *verwonder* my dat julle so gou afvallig word ... na 'n *ander* evangelie toe ... daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil *verdraai*” (Gal. 1:6-7). In hierdie geval het vals leraars daarop aangedring dat 'n man eers besny moes word om 'n Christen te kon word – wat nie waar is nie (Gal. 2:3-5; 5:1-15). In hierdie hoofstukke stel Paulus dit dat niemand geregverdig kan word deur die werke van die wet nie (rituele wassing, ens., sien *Biblical Archeological Review*, Nov-Des 1994). Valse leraars het egter later hierdie verse verdraai en geleer dat dit *nie nodig is* vir Christene om die Tien Gebooie, die Bybelse Sabbat en die Heilige Dae te onderhou nie omdat hierdie wette 'n vloek is! Tog het Christus die gebooie, die Sabbat en die Heilige Dae *onderhou en*

geleer dat ons dit ook moet doen (Matt. 19:16-22; Joh. 14:15; Luk. 2:41-42; 4:16; Joh. 7:8-10). Sy dissipels het gevolg en *dieselfde* dinge geleer (sien Hand. 13:42-44; 17:2; 18:21; Rom. 2:13; 1 Kor. 5:8).

Teenstrydig met wat baie vandag glo en leer, is die ware evangelie wat Jesus en Sy Apostels verkondig het gedurende die eerste eeue van die kerk *verdraai*. 'n *Vals evangelie oor Jesus* word aan die niksvermoedende wêreld afgesmeer. Wat aanvaar word as hoofstroom Christelikheid vandag is 'n verdraaide weergawe van die evangelie wat baie heidense idees geabsorbeer het. Dit is nie 'n ongegronde of onverantwoordelike stelling nie. Die *Encyclopedia Britannica* maak hierdie onthullende stelling, “oorgeplant op die Griekse wêreldsiening, was die Christelike lering onvermydelik *aangepas* – in werklikheid *omvorm* ... Messiaanse hoop was *vergete* ... die begrip van die koninkryk van Christus op aarde ... het so te sê alles *verdwyn*, oorblywend alleen as die geloof van onbekende groepe ... die weg van redding was *aangepas*, so ook die idee van redding ... vernaamlik nadat die Romeinse Ryk saligmakende Christelikheid aangeneem het ... redding was hierna nie die neerdaling van die Nuwe Jerusalem uit die hemel nie, maar die opvaring van die heiliges na die hemel, vir die indiwidu is dit nie die opstanding van die fisiese liggaam nie, maar die onsterflikheid van die siel”

(“*Christianity*” 11th ed.).

Geskiedskrywer, Edward Gibbon, maak 'n soortgelyke waarneming. Hy skryf dat die leerstelling van die millennium – die aardse heerskappy van Christus en die heiliges in die koninkryk van God – versigtig geleer was deur vroeë Kerk teoloë en dat dit wil voorkom dat dit die *heersende gevoel* was van die ortodokse gelowiges – hierdie fundamentele lering was egter oorboord gegooi (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, hoofstuk 15). Hy sê, “Die leerstelling van Christus se heerskappy op aarde was eers beskou as 'n groot sinnebeeld, daarna geleidelik as twyfelagtig en waardeloos, en ten einde *verwerp* as die onsinnige uitvinding van dwaalleer en dweepsug” (ibid). Dit is wat met die ware evangelie gebeur het! Gibbon boekstaaf ook dat die vroeë Kerk “die wet van Moses verenig het met die leerstelling van Christus ... die onsterflikheid van die siel verwerp het as 'n opinie wat geen steun kry van die goddelike boek nie” en heidense gebruike soos *Saturnalia verafsku* het – wat nou onderhou word as kersfees (ibid.) – hierdie word egter nou gesien as die grondleerstellings van die hoofstroom Christendom!

Die Bybel openbaar dat verskeie sleutel gebeurtenisse sal plaasvind net voor die einde van hierdie tydperk. Jesus het gesê dat die verkondiging van die ware evangelie die weg sal voorberei vir Sy wederkoms. Hy het geprofeteer dat “*hierdie*

evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Matt. 24:14). Die tydskrif wat u in u hande hou is deel van daardie deurlopende getuienis – 'n getuienis wat vir meer as 'n

halwe eeu in druk die ware evangelie verkondig aan miljoene rondom die wêreld. Die *Tomorrow's World* uitsending en die www.tomorrowworld.org Webwerf is ook sleutel aspekte van daardie voorspelde getuienis. Om meer uit te vind

omtrent hierdie uiters belangrike onderwerp, vra ons gratis boekie, *Glo u die Ware Evangelie?* aan. Hierdie belangrike profesieë word vandag *bewaarheid!*

Sal u agtergelaat word? (Vervolg vanaf bladsy 7)

deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:20).

Deur Christus *in u*, mag u waarlik leer om met God te wandel en die *ware* beskerming te geniet wat die Almagtige

God aan Sy ware heiliges beloof.

Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

wysing na die beste van ons vermoë te **gehoorsaam** met die hulp van die Heilige Gees. Ons voel ook gebonde om die duidelike en onomwonde **voorbeeld** van Christus en die oorspronklike Apostels, naamlik die manier waarop hulle God gedien het, na te streef.

U mag vra, "Glo al die Christelike kerke dan nie in daardie selfde godsdienstige benadering nie?"

Nee! *Definitief nie*. Talle kerke vertolk die Bybel op 'n baie losse basis – terwyl hulle dan ook nog die Bybelse leerstellings vermeng met menslike tradisies, idees en gebruike wat totaal die

teenoorgestelde is van die oorspronklike Christelikheid. Die Rooms-Katolieke, Ortodokse en Protestante kerke doen dit almal. Alle toegewyde Bybelkenners en studente beseft en erken dit. So bevestig Jesse Lyman Hurlbut – 'n hoofstroom godsdienstskrywer – dit ook in sy boek, *The Story of the Christian Church*: "Vir vyftig jaar na Paulus se dood is daar 'n sluier oor die Kerk getrek waardeur ons tevergeefs strewende om insig te bekom, terwyl die geskryfte van die vroegste kerkvaders in omtrent 120 n.C. toe die Kerk uiteindelik weer 'verskyn', melding maak van 'n Kerk wat in

menige opsigte **hemelsbreed verskil** van die Kerk soos dit was in die dae van Petrus en Paulus" (bl. 41; beklemtoning deur ons).

Gary Wills skets in sy boek, *Why I am a Catholic*, wat die Pulitzer prys gewen het, 'n voorbeeld van die huidige benadering tot die Waarheid deur die hoofstroom gelowe. Hy sê in hierdie boek: "Om jong onskuldiges te misbruik is nie net 'n misdaad nie, maar ook 'n veragtelike daad. Die ywerige poging oor baie jare deur die hiërargie van die Rooms-Katolieke kerk om gevalle van pedofilie te verbloem is misdaad

op misdaad. Is die kerkgesag wat dit toelaat dan monsters? Wat is hulle motief? ... Eerstens is die pouslike mag 'n gebrekkige instansie. Deur dit te sê word deur sommige Katolieke as dislojaal beskou. Eintlik glo hulle dat 'n ware Katoliek iemand is wat gewillig en in staat is om die lang geskiedenis van misbruik en korrupsie te ontken ... Maar, 'n mens mag terugkap dat indien die pousdom nie die opperste en onfeilbare verkondiger is van die ewige waarheid nie, wat behels sy beginsel dan van bestendigheid met al die ontsporings en doodloopstrate van die verlede? Die pouslike mag is inderdaad die sakrament van die eenheid van die kerk. Die kerk skaar hulle om die pouslike mag en dien as toevlugsoord vir sy hergeboorte en voortgesette lewe. So was die kerk dan uiters suksesvol om die groot waarhede van sy geloofsbelydenis te bewaar".

Let veral op na mnr. Wills se laaste frase: "die groot waarhede van sy geloofsbelydenis".

Soos met die meeste basiese foute is Gary Wills se gebrek om die Waarheid te verstaan, gegrond op 'n basiese voorafgaande stelling wat onverskillig en as vanselfsprekend aanvaar is. In sy geval het dit blykbaar nooit by mnr. Wills opgekom om die onbybelse leerstellings van sy kerk omtrent die pouslike gesag te bevraagteken nie, ook nie die aanbidding van die maagd Maria of die algehele begrip van boetedoening eerder as werklike berou nie, asook 'n hele

magdom van leerstellings, gebruike en menings wat in **totale teenstelling** is met alles wat Christus en die Apostels geleer en gedoen het.

Natuurlik is die Katolieke teologie ten minste in 'n mate bestendig betreffende al hierdie dinge, want dit beoefen die leerstelling van die "onfeilbaarheid van die pous" – wat inderdaad hulleself aanmatig dat hierdie kerk op een of ander manier die "reg" het om Bybelse leerstellings en gebruike met die tyd te verander.

Miljoene Protestante aanvaar ook onverskillig dat hulle kerke en hulle teologie gebaseer is op dit wat die Bybel in werklikheid sê. *Hulle kan egter nie verder van die waarheid af wees nie!* Die reeds vermelde aanhaling van Hurlbut toon duidelik dat die hoofstroom Christendom – beide Protestants en Katoliek – **grootliks** afgewyk het van die oorspronklike leerstellings van Christus en Sy Apostels. Die oorspronklike Protestantse "hervormer," Martin Luther, is as Katolieke priester georden. Hy is sy hele lewe lank opgelei as Katoliek. Hy het dus *aanvaar* dat aflaatgeld en ander immorele praktyke wat hy onderskryf het uiteindelik maar net die gevolg is van die ware kerk wat die spoor byster geraak het. Luther het aanvanklik probeer om die kerk weer op die regte spoor te kry totdat gebeure hom forseer het om 'n ander godsdienstige beweging te begin. Selfs toe het hy *aanvaar* dat die meeste Katolieke leerstellings in orde is, begrippe soos dat die "Dag van

die Son" God se Sabbat vervang, die viering van heidense feesdae in plaas van God se Heilige Dae, die aanneem van die "Drie-eenheidsleer" uit die heidendom en – die belangrikste van alles – die fundamentele idee dat die grootse geestelike **wet** van die Skepper, die Tien Gebooie, nie onderhou of ten volle gehoorsaam hoef te word nie.

Dit is byvoorbeeld **hoekom** Martin Luther die **algemene slagting** van die Duitse boere aangemoedig het, omdat hulle uiteindelik "te ver gegaan" het met hulle teenstand teen die Duitse prinse wat ook Luther se beweging ondersteun het. Dít is 'n historiese feit!

In die hoogs aangeskrewe werk van Henry Vedder haal hy Martin Luther se skrywe aan wat gemik is teen die opstandige boere: "Rebellie is nie 'n veragtelike moord nie, maar soos 'n groot vuur wat aangeblaas word en die land verteer; daarom hou oproer die gevaar in van 'n land vol moord, bloedvergiëting, wat weduwees en wese agterlaat en alles vernietig soos 'n groot ramp. Daarom moet elkeen wat die rebelle kan kasty, verwurg en doodsteek, dit in die geheim of in die openbaar doen, want daar is niks meer giftig, dodelik en duiwels as 'n rebel nie. Net soos wanneer mens 'n dol hond van die gras af moet maak; as jy hom nie aanvat nie sal hy jou aanval en 'n hele nasie saam met jou ... Dit is sulke wonderlike tye dat dit makliker is vir 'n prins om in die hemel te kom deur bloed te vergiet as vir andere deur

gebed” (bll. 173-174; beklemtoning deur ons).

Ons mag onself nou afvra: “*Waarom word ware godsdiens gemeet indien hierdie die woorde is van 'n hervormer wat deur God gestuur is?*” Is dit die woorde van 'n persoon wat deur die Heilige Gees gelei word? Het die opgewekte Christus hierdie persoon gebruik om Sy “klein kuddetjie” te suiwer?

Geleerde op geleerde erken dat “die Kerk” – bedoelende die hoofstroom ontwikkeling van die belydende Christendom – nog **nooit** ernstig probeer het om die letterlike voorbeeld van Christus en die Apostels na te volg nie. Professor Rufus M. Jones verwys ook daarna in sy insiggewende boek, *The Church's Debt to Heretics*: “Indien Christus miskien deur Sy latere volgelinge as die model en toonbeeld van die nuwe weg beskou is en 'n ernstige poging aangewend is om Sy lewe en onderwysing as die standaard en norm vir die Kerk te handhaaf, dan sou Christelikheid iets *heeltemal verskillend* gewees het van wat dit nou is. Dwaalleer of kettery sou dan gewees het wat dit nie nou is nie, naamlik die afwyking van God se weë, van Sy onderwysing, Sy Gees, Sy Koninkryk ... Wat ons tereg as die 'Galiliese Christelikheid' moet sien, het 'n kort lewe gehad, alhoewel daar merkwaardige pogings was om dit te laat herlewe. Hier en daar was daar geestelike profete wat

daarop aangedring het dat enigiets anders as hierdie *eenvoudige Galiliese Christelikheid* 'kettery' is; maar die belangrike geskiedkundige verwikkelings het 'n ander **koers ingeslaan** en het die klem heel verskillend aangewend” (bll. 15-16; beklemtoning deur ons).

Volgens die Bybel was Jesus Christus die “lig” wat deur God die wêreld ingestuur is. Christene is veronderstel om daardie **lig** te volg! Die apostel Petrus sê dat Christus vir ons “'n **voorbeeld** nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg” (1 Pet. 2:21). Ook Paulus sê aan die Kerk: “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Kor. 11:1), terwyl die geliefde apostel, Johannes, ons meedeel: “Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy geboorte nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het” (1 Joh. 2:4-6). In Sy leringe en volgens Sy perfekte voorbeeld het Jesus Christus die *Waarheid* verduidelik. Jesus het gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Joh. 14:6).

Tree asseblief met ons in verbinding indien u werklik belangstel om die “klein kud-

detjie” – die ware Kerk van God wat deur Jesus Christus gestig is – te vind. Indien u belangstel om betrokke te raak by 'n organisasie wat opreg is in die soeke na die Waarheid en om daarvolgens te lewe, skryf dan in vir die Wêreld van Môre se Bybelstudiekursus.

Ons streef die waarheid na sonder om partydig te wees en ook om hierdie rede sal ons genadeloos vervolgt word in die toekoms. Omdat ons egter die opregte Waarheid navolg sal dit vir ons opregte seëninge en vrede in hierdie lewe meebring asook die ewige lewe in die wêreld van môre. Jesus sê: “En julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vrymaak” (Joh. 8:32).

Elkeen van ons kan “vrygemaak” wees van menslike tradisie en foute. Indien ons die deursettingsvermoë het om die volle waarheid te aanvaar en daarvolgens te leef kan ons ook “verlos” word van ydelheid, frustrasie en 'n skuldgevoel wat veroorsaak word deur die bande van sonde en bygeloof. **Moenie** bang wees vir die waarheid nie! Wanneer hierdie misleide en gewelddadige beskawing sy einde bereik en Christus se Koninkryk oor die hele aarde ingestel is, sal diegene wat gewilliglik die werklike Waarheid gevolg het, seëninge geniet wat bo die menslike begrip is.

